

Die Suiderkruisfonds as moreelbouer in die Suid-Afrikaanse samelewing tydens die Grensoorlog, 1968–1990

Anneke van Heerden

Anneke van Heerden, Departement Geskiedenis, Universiteit Stellenbosch

Opsomming

In 1968 het die Suiderkruisfonds, onder leiding van Elizabeth Albrecht, tot stand gekom. Hierdie organisasie is deur lede van die wit burgerlike samelewing gestig en het voorsorg vir die welsyn van die Suid-Afrikaanse gewapende magte getref. In samewerking met die Suid-Afrikaanse Weermag het die Suiderkruisfonds in die basiese behoeftes van die soldate voorsien en deur middel van sy ondersteuning aan die troepe gepoog om as moreelbouer te dien. Hierdie artikel bespreek die stigting van die Suiderkruisfonds teen die agtergrond van die sogenaamde Grensoorlog (1966–1989), asook soortgelyke organisasies in Suid-Afrika se militêre geskiedenis. Deur 'n noukeurige ontleding van die beeld van die Suiderkruisfonds in die media, asook oudsoldate se herinneringe van die bystand wat die organisasie gelewer het, word die impak van die Suiderkruisfonds op beide die samelewing en die Suid-Afrikaanse magte bepaal ten opsigte van die begrippe *militarisering* en *mobilisering*. Hierdie artikel voer aan dat die Suiderkruisfonds sowel die impak van die dienspligstelsel op die burgerlike samelewing as die militêre samelewing versag het, samewerking en 'n eenheidsgevoel geskep het en, laastens, as moreelbouer gedien het.

Trefwoorde: Angola; “Dankie-Tannies”; Elizabeth Albrecht; Grensoorlog; Suid-Afrikaanse Weermag; Suiderkruisfonds; welsynsorganisasies

Abstract

The Southern Cross Fund as moral builder in the South African society during the Border War, 1968-1990

The Mozambique Soldiers' Fund was established under the leadership of Elizabeth Albrecht in 1968. Albrecht was motivated by the presence of the Portuguese military forces operating in South Africa's neighbouring states. While providing humanitarian support for the Portuguese, the organisation quickly became aware of the presence of South African troops. Within months of creation, the fund changed its name to the Southern Cross Fund and extended its services to providing aid, supplies and comforts for the South African Defence Force (SADF). The organisation consisted mostly of white members of the civil society, and in cooperation with the SADF, the Southern Cross Fund served the basic needs of the soldiers involved in conflict in Mozambique and Angola and of troops later deployed in the violent townships within South Africa. The duration of the support from the Southern Cross Fund equals the duration of the deployment of South African soldiers, therefore attesting to the SADF's dependence on civilian mobilisation. Through its support of the troops the organisation also strived to serve

as a morale builder. This secondary role surpassed the immediate environment of the military base and penetrated the civilian sphere, thus indirectly supporting the militarisation of a large part of the white South African population.

Publications on the topic of the Border War have recently increased in number. Various publications explore the experience of troops on the border and in Angola or give an extensive overview of military operations during this time. There have been a handful of publications discussing the militarisation of the South African society during wartime. They provide a broad coverage of the means and organisations that contributed to the militarised orientation of the majority of the white population. None of these sources extensively explores the active role of civil mobilisation with specific reference to the Southern Cross Fund.

This article attempts to fill this historical void. It discusses the formation of the Southern Cross Fund in relation to South Africa's political and military position during decolonisation in Africa with specific reference to the so-called Border War (1966–1989) – South Africa's lengthy involvement in the Angolan Civil War and counter-terrorist actions against SWAPO insurgents. A limited discussion on the history of South African involvement in Southern African states as well as South Africa's relationship with Portugal is presented to provide a relevant historical background. Through a thorough analysis of the image of the Southern Cross Fund in the media, as well as veterans' recollections of the support rendered by the organisation, this article endeavours to determine the impact of the Southern Cross Fund on both military and civilian spheres. It is especially the personal viewpoints of the veterans that portray the level of significance of the organisation.

The organisation is evaluated within the theoretical framework of the mobilisation and militarisation of civil society in times of war within the timeframe of the existence of the Southern Cross Fund. This involves clarifying the concepts *militarisation* and *mobilisation*. Although the two concepts seem similar, a distinction can be drawn regarding the consequences of both for the civilian population. While mobilisation involves physical involvement, militarisation implies a psychological element. As a civilian organisation, the Southern Cross Fund's significance can be evaluated in relation to both concepts. The discussion of the organisation as a morale builder requires clarity on the concept of civilian and military morale during times of war. This theoretical framework serves as a solid base for a historical evaluation.

Research initially proved problematic as all documentation belonging to the Southern Cross Fund had been handed over to the Director of Fundraising. Enquiry confirmed that soon after the dissolution of the organisation, all documents. Valuable archival sources were therefore military in origin, not civil, giving insight into the relationship between the organisation and the SADF from a military perspective. Archival sources were unfortunately limited to written sources and contained no visual sources. A civil perspective on the history of the Southern Cross Fund was obtained primarily through interviews with former leading members of the organisation as well as valuable sources in the private collection of the family of the founder, Elizabeth Albrecht. A personal perspective on the role of the organisation was gained through an extensive interviewing process with veterans of the Border War. They were contacted by gaining access to a Facebook group for veterans. Although the initial answering of questions was slow, they gradually became more comfortable and trusting and shared rich and insightful stories about their experience with the Southern Cross Fund.

Despite various obstacles regarding research, including limited sources, the researcher succeeded in determining the impact of the Southern Cross Fund on the military troops as well as the wider civil society. The organisation served as a channel of communication between the public and the SADF, indirectly contributing to the mobilisation and militarisation of members of the white population. The Southern Cross Fund furthermore contributed to

the building of military and civil morale and, during its existence, was seen as a symbol of national unity. It should be noted that the organisation cannot be seen as representative of the whole South African society during this time. Organisations such as the End Conscription Campaign mobilised against conscription. The Southern Cross Fund can also not be subjected to the wider debate concerning the justification of the war. Justification of the so-called total onslaught cannot be measured objectively and, as an apolitical organisation, the Southern Cross Fund did not serve to justify the war. It only contributed indirectly to the participation of the civil society in the war.

In 2001 the South African National Defence Force (SANDF) deployed forces to the Democratic Republic of Congo as part of a United Nations peace force. Members of society and veterans created a volunteer organisation in Pretoria to assist the deployed troops and their families. In cooperation with the SANDF they sent food parcels and letters from home via airplane to the troops. They attempted to make the deliveries twice a week and continue the operation for both years of deployment. Media exemplified the organisation as a renaissance of the Southern Cross Fund. Thus the process and tradition of mobilisation repeats itself.

Keywords: Angola; Border War; "Dankie-Tannies"; Elizabeth Albrecht; South African Defence Force; The Southern Cross Fund; welfare organisations

1. Inleiding

Om die nasionale veiligheid van Suid-Afrika in die tydperk van die Grensoorlog te verseker, het die betrokkenheid van die totale wit Suid-Afrikaanse bevolking vereis. Die Suiderkruisfonds is gestig ter ondersteuning van die Suid-Afrikaanse Weermag (SAW) en het gevolglik burgerlike samewerking met die weermag bevorder. Hierdie verhouding en samewerking tussen die wit bevolking en die SAW het gelei tot 'n militêre invloed op die wit samelewing wat diep gewortel was. Gevolglik het die mobilisering van die wit samelewing gelei tot die militarisering daarvan.¹ Soos die wit samelewing deur middel van organisasies soos die Suiderkruisfonds by die oorlogspoging betrokke geraak het, het hierdie samelewing 'n militêre karakter aangeneem. So het die grense tussen die militêre sfeer en burgerlike sfeer vervaag (Cock 1989a:3; Regan 1994:6).

Burgerlike organisasies, in samewerking met die weermag, dien ten tye van oorlog as 'n kanaal tussen die weermag en die burgerlike samelewing. Volgens Seegers (1984:4) speel hierdie organisasies 'n groot rol in die verspreiding van die invloed van die weermag. As 'n kanaal tussen die weermag en die burgerlike samelewing dra burgerlike organisasies hierdie invloed direk aan die burgerlike samelewing oor. Die militarisering van die samelewing word deur Eide en Thee (1980:15) beskryf as die "extension of military influence to civilian spheres including economic and socio-political life". Met verwysing na die definisie van 'n gemilitariseerde samelewing, is burgerlike organisasies, soos die Suiderkruisfonds, gevolglik integraal tot die militarisering van die burgerlike samelewing. Deur ondersteuning vir die weermag te werf, dra hierdie organisasies militêre ideale en waardes aan die publiek oor en kondisioneer die publiek om die oorlogspoging nie net te aanvaar nie, maar ook daaraan deel te neem. Op hierdie wyse onderhou die militarisering van die samelewing, deur middel van gemobiliseerde organisasies, die verdere mobilisering van die burgerlike samelewing (Regan 1994:10).

Die Suiderkruisfonds het primêr op logistieke, geldelike en organisatoriese wyse met die weermag saamgewerk. As gevolg van die invloed van die weermag, te danke aan die samewerking tussen die twee instansies, het die samewerking mettertyd 'n sekondêre karakter aangeneem. Die Suiderkruisfonds het indirek ook die waardes van die weermag

versprei. Dié fonds was nie net in die burgerlike samelewing van waarde nie, maar ook vir die gewone troepe. In hierdie artikel word die betekenis van die Suiderkruisfonds vir die burgerlike samelewing, asook die militêre magte, bespreek.

2. Die Grensoorlog

Die perspektief van die oorgrote meerderheid van die wit bevolking van Suid-Afrika tydens die Grensoorlog is duidelik in hul benadering tot die politieke en militêre situasie waarin Suid-Afrika in hierdie tydperk verkeer het. Eietydse bronne weerspieël hierdie perspektief in die gebruik van spesifieke terme, byvoorbeeld terroriste, totale aanslag en volk. Die destydse perspektief van die wit Suid-Afrikaanse bevolking is sentraal tot die bestudering van die mobilisering van die wit burgerlike samelewing. Wanneer daar gevolglik na die politieke en militêre situasie in hierdie terme verwys word, moet dit gesien word binne die konteks van die perspektief van die wit Suid-Afrikaanse bevolking in die tydperk waarbinne die Grensoorlog afgespeel het. Ter wille van die historiese konteks word die voormalige geografiese benamings wat in Suider-Afrika gegeld het, vir die doeleindes van hierdie artikel gebruik.

Die oornam van Suidwes-Afrika (SWA), vandag Namibië, tydens die Eerste Wêreldoorlog was die nuutgestigte weermag van die destydse Unie van Suid-Afrika se eerste buitelandse militêre operasie. Na die afloop van die Eerste Wêreldoorlog is Duitsland gedwing om sy aanspraak op SWA prys te gee en die gebied is namens die Volkebond onder Suid-Afrikaanse voogdskap geplaas. Hierdie mandaat is na die Tweede Wêreldoorlog deur die Verenigde Volke-organisasie (VVO) hernu. Ten spyte van die beperkinge deur die mandaat opgelê, het Suid-Afrika nie sy verpligtinge tot administrasie beperk nie. Suid-Afrika het SWA as 'n soort vyfde provinsie gesien. Nie net het die wit parlamentslede SWA in die Suid-Afrikaanse parlement verteenwoordig nie, maar die gebied se nasionale rugbyspan het selfs aan die Curriebeker-kompetisie deelgeneem (Steenkamp 1990:20–2; Williams 2012:131).

Soos nasionalistiese sentimente deur Afrika versprei het, het lede van die inheemse bevolking ook onafhanklikheid vir SWA begeer en gevolglik is die South West Africa People's Organisation (Swapo) gevorm (Scholtz 2013:219). Die Suid-Afrikaanse regering het hom steeds verset teen die eise van Swapo en was vasbeslote om SWA onder Suid-Afrikaanse beheer te hou. Die siening het duidelik na vore gekom in die verkiesingsmanifeste van die Nasionale Party (NP). Die party se manifest van 1956 stel die saak soos volg: "Die pogings van die V.V.O. tot inmenging met Suidwes se huishoudelike aangeleenthede, word nie deur die Unie-regering toegelaat nie. Die Nasionale Regering weier beslis om Suidwes vir die wolwe te gooi."²

In 1966 het Swapo hul saak na die Internasionale Geregshof in Den Haag geneem. Hul versoek was egter onsuksesvol. Gevolglik het hulle finaal tot guerrilla-oorlogvoering oorgegaan, uitgevoer deur die party se militêre vleuel, die People's Liberation Army of Namibia (Plan). Die organisasie se aktiwiteite was in die omgewing van Owamboland in SWA gesentreer. Die Suid-Afrikaanse Polisie (SAP), wat slegs 600 lede in die gebied ontplooi het, het die noordelike grens gepatroleer. Vanuit basisse in Zambië en later die suide van Angola het Swapo die grens oorgesteek om nuwe lede te werf en Owambohoofde, wat nie hul saak ondersteun het nie, aan te val. Swapo-insurgente het reeds in Augustus 1965 die grens die eerste keer oorgesteek, maar die eerste skermutseling tussen Suid-Afrikaanse magte en Swapo-guerillavegters het eers in Augustus die volgende jaar plaasgevind. (Sien Ramsden 2009:77; Steenkamp 1990:20–2; Weaver 1989:91; Williams 2012:132.) Op 26 Augustus 1966 het 'n Suid-Afrikaanse gevegsmag van 130 man 'n Plan-basis by Ongulumbashe in Owamboland aangeval en verslaan (Scholtz 2013:7).

Terselfdertyd was bevrydingsmagte in die Portugese kolonies van Angola, Guinee-Bissau en Mosambiek in opstand teen die koloniale mag. Die teenwoordigheid van Portugese troepe

was van groot belang vir die Suid-Afrikaanse regering. Dit het verhoed dat Plan SWA deur Suid-Angola binnedring. Maar Portugal was Europa se armste land en die militêre aktiwiteite in genoemde kolonies het onder andere tot Portugal se finansiële ondergang gelei. Vyftig persent van die staat se begroting is aan die weermag gewy, die staat was diep in die skuld en die Portugese bevolking was ontevrede. Die onrus het op 25 April 1974 'n hoogtepunt bereik toe die Portugese regering deur 'n staatsgreep omver gewerp is. Die Portugese regering is deur die Movimento das Forças Armadas (MFA) vervang en teen 1975 is onafhanklikheid aan die Portugese kolonies toegeken mits die nuwe postkoloniale regerings die MFA se ideologiese oortuigings sou deel. Die voorkeur vir 'n oorgangsregering was suksesvol in Mosambiek en Guinee-Bissau, maar in Angola was dit nie die geval nie. (Sien Steenkamp 1990:32.)

In Angola het drie kompeterende guerrillafaksies na vore gekom om beheer te probeer neem, elk met eksterne ondersteuning. Eerstens was daar die Movimento Popular de Libertação de Angola (MPLA), ondersteun deur die Sowjetunie (USSR) wat die geleentheid vir die verspreiding van kommunisme raakgesien het, en Kuba. Die MPLA is teengestaan deur die Frente Nacional de Libertação de Angola (FNLA), wat antikommunisties van aard was en die ondersteuning van die Weste geniet het. Die laaste faksie was die União Nacional para a Independência Total de Angola (Unita), ondersteun deur Amerika en later Suid-Afrika. Die FNLA en Unita het mettertyd saamgesmelt. Portugal het voorkeur en ondersteuning aan die MPLA gegee en die party in beheer van Angola geplaas. Kort daarna het die stryd tussen die verskillende faksies om die beheer van die land begin en Portugal het teruggestaan en 'n neutrale standpunt ingeneem. (Sien Steenkamp 1990:32–6.)

Swapo het die chaos van die Angolese burgeroorlog tot sy voordeel gebruik. Aanvalle op Owamboland kon toe ook vanuit die suide van Angola geloods word. Insurgensies deur guerrillavegters het gevolglik toegeneem. Tussen Julie 1968 en die einde van 1974 is 31 lede van die SAP tydens grensdiens gedood. Die SAW het, nadat die besluit in 1973 geneem is, op 1 April 1974 grenspatrolling by die polisie oorgeneem. Luitenant F. Zeelie was die weermag se eerste ongeval: hy het op 29 Junie 1974 in 'n skermutseling met Swapo-insurgente omgekom. Intussen het Angolese vlugtelingen in Suid-Afrika vertel van die Kubaanse teenwoordigheid in Angola. Die politieke stryd in Angola is gevolglik as 'n groter bedreiging vir Suid-Afrika gesien. Owamboland het water en krag vanaf die Ruacana hidro-elektriese skema en Caluequedam verkry. Die keerwal van die skema was aan die Angolese kant van die grens. Dié waardevolle bron was nou in gevaar. 'n Taakmag is oor die grens gestuur om dit te beskerm. Kubaanse wapens en ammunisie is by die dam gevind wat die gerugte van kommunistiese teenwoordigheid bevestig het. Dit was die begin van Operasie Savannah (1975–1976) en Suid-Afrika se militêre betrokkenheid in Angola. Die SAW en SAP het die SWA-Angola-grens teen Swapo-insurgente beskerm en Unita in hul poging om Angola te regeer en kommunistiese uitbreiding te voorkom, ondersteun. (Sien Steenkamp 1990:37.)

Van die ongeveer 600 000 wit mans wat militêre opleiding ontvang het, het ongeveer 320 000 diens op die SWA-grens gedoen. Suid-Afrika het ook 'n sterk teenwoordigheid binne SWA gehandhaaf. Militêre basisse is strategies regoor die gebied geplaas en vanselfsprekend veral in Owamboland en die noorde van SWA, onder andere by Ruacana, Rundu, Ondangwa, Katima Mulilo, Oshakati, Oshivello en in die Caprivi-strook. Landingstroke en paaie het die basisse verbind om soldate te vervoer en wapens en voorraad na die gevegsfront te neem. Op 'n jaarlikse basis het om en by 40 000 Suid-Afrikaanse troepe die grens beman en 60 000 het in SWA in 'n ondersteuningshoedanigheid gedien. In Owamboland alleen was daar een soldaat teenoor elke ses burgerlikes. Suid-Afrika se militêre teenwoordigheid in SWA en Angola het vanaf 1975 tot 1989 gestrek. (Sien Ramsden 2009:78; Williams 2012:133; CIIR 1989:30.)

2.1 Suid-Afrika se verhouding met Portugal

'n Kort bespreking moet ook gewy word aan 'n belangrike aspek van die Suider-Afrikaanse konflikkonteks, naamlik Suid-Afrika se verhouding met Portugal.

In 1922 het die Portugese hoë kommissaris vir Mosambiek, Manuel de Brito Camacho, die Unie van Suid-Afrika besoek. Tydens sy besoek het hy die mening gelug dat die rassebeleid van Suid-Afrika op lang termyn nie volhoubaar sou wees nie, omdat die swart bevolking se getalle altyd groter as dié van die wittes sou wees. Portugal se kritiek op Suid-Afrika se binnelandse beleid het oor dekades voortgeduur, maar daar was steeds samewerking tussen die twee lande. Hulle samewerking het onder andere 'n spoorlyn tussen Lourenço Marques (nou Maputo) en die myndorpe van die Transvaal (nou Gauteng en Mpumalanga) ingesluit (Correia en Verhoef 2009:51–2). Teen die laat 1960's het Suid-Afrika 'n ekonomiesesamewerkingsooreenkoms met Portugal aangegaan. Hulle was bondgenote in die ontwikkeling van die Ruacana hidro-elektriese skema op die grens van Angola waaruit beide voordeel getrek het. Die hidro-elektriese skema het Suid-Afrika bevoordeel deurdat water en elektrisiteit aan die noorde van SWA verskaf is. In die suide van Angola het die skema gesorg vir 'n besproeiingskema wat wit setlaars aangemoedig het om hulle in die gebied te vestig (Grest 1989:12).

Militêre samewerking het egter nie so maklik geskied nie. In 1961 het Angolese nasionalistiese guerrillas Portugese setlaars in die noorde van die land aangeval (Jaster 1988:45). Die oproer in die noorde was 'n verrassing en was vir beide Suid-Afrika en Portugal 'n bekommernis. Nie net was die Portugese militêre magte beperk nie, maar nadat opstande ook in Mosambiek en Guinee-Bissau uitgebreek het, is Portugal se finansiële hulpbronne verder beperk. Suid-Afrika het Portugal beskou as nie opgewasse om die oproer te hanteer nie. Soos genoem, het die Suid-Afrikaanse regering geglo die verlies van bufferstate sou die land se veiligheid in gedrang bring. Die verlies aan buurstate wat Suid-Afrika goedgesind was, sou 'n geleentheid skep vir binnelandse opposisie in Suid-Afrika teen die Suid-Afrikaanse regering. Die ANC, wat in 1960 verban is, het sy militêre vleuel, Umkhonto weSizwe (MK), in 1961, na afloop van die vorige jaar se Sharpeville-opstande, gestig en na gewapende teenstand oorgegaan. Die Suid-Afrikaanse regering wou dus betrokke raak by Portugal se militêre pogings om te verhoed dat die ANC militêre basisse in dié state kon vestig waar guerrillavegters opgelei kon word en van waar aanvalle op die Republiek geloods kon word. Steun aan die ANC deur nog twee van Suid-Afrika se buurlande, Mosambiek en Angola, sou die land se binnelandse situasie vererger. Ten spyte van sy tekortkominge was Portugal nie gewillig om openlik met Suid-Afrika saam te werk nie, as gevolg van Suid-Afrika se binnelandse beleid en gevolglike veroordeling deur die internasionale gemeenskap. Samewerking met Suid-Afrika sou wel die wit bevolking in die Portugese kolonies gerus stel, maar sou die teenoorgestelde effek op die swart bevolking hê en moontlik die situasie vererger. Maar Suid-Afrika was tog gretig om bande met Portugese veiligheidsmagte in Angola en Mosambiek op te bou (Correia en Verhoef 2009:53–7; Murray en Viotti 1989:494; Cherry 2011:14).

Ten spyte van die bekommernisse het militêre samewerking tussen die twee lande wel stadig maar seker begin plaasgevind. In April 1962 is 'n militêre telekommunikasiediens tussen Portugal en Suid-Afrika in werking gestel. Teen 1963 het Suid-Afrika militêre toerusting aan Portugese magte in Angola verskaf en teen die einde van die jaar is militêre offisiere in posisies by Suid-Afrikaanse konsulate in Angola en Mosambiek aangestel. Samewerking het toegeneem en teen 1965 is daar van Suid-Afrika verwag om 'n rol in Angola te speel. In 1968 het Suid-Afrika vyf Alouette III-helikopters aan die Portugese magte in Angola geskenk en ook self ondersteuning uit die lug met agt Suid-Afrikaanse Alouette-helikopters verskaf. Teen Mei 1968 is 'n permanente lugmagbasis in die Caprivi-strook gevestig met die doel om ondersteuning aan die Portugese in Suidoos-Angola te bied. Suid-Afrikaanse vlieëniers het tydens hul oorgrensoperasies Portugese uniforms gedra (Correia en Verhoef 2009:57–61).

Die samewerking tussen Suid-Afrika en Portugal, wat in die werk van Correia en Verhoef (2009) bespreek word, blyk veral duidelik in die dokumente oor gesamentlike militêre operasies. In Junie 1969 het Lt.genl. C.A. Fraser 'n verslag aan die Portugese magte in Angola gestuur "in a spirit of friendship and respectful duty". Die verslag het voorstelle bevat vir strategieë om die guerrilla-aanslag teen te werk, of soos die generaal dit gestel het: "effective ways of defeating our common insurgent foe in Angola". Hy skryf verder: "[T]he security of Southern Africa is no longer something that can be contained by international boundaries within Southern Africa. This being so, there is an urgent need to find solutions to our many problems and thereby improve the framework of victory for us all." Die dokument bevestig duidelik Suid-Afrika se vriendskaplike houding teenoor Portugal ten spyte van hulle verskille. Hul gedeelde belange het die samewerking moontlik gemaak: "I look upon us as brothers-in-arms [...] We face a common enemy and together we must win."³

Suid-Afrika het in Mosambiek ook sy ondersteuning aan Portugal gebied, hoofsaaklik in die vorm van 'n surrogaatoorlog. Tydens die konflik in Mosambiek om onafhanklikheid van Portugal het Suid-Afrika, tesame met Rhodesië (vandag Zimbabwe), in die laat 1960's as teenvoeter vir Frelimo ingetree. Frelimo, 'n kommunistiesgesinde bevrydingsbeweging, het ondersteuning van China, Rusland en talle ander kommunistiese lande geniet. Suid-Afrika het onder andere ook in die 1970's opleiding aan die Resistência Nacional Moçambicana (MNR) gebied. Die MNR was 'n antikommunistiese organisasie wat in konflik met Frelimo was tydens die burgeroorlog wat op die onafhanklikheid van Mosambiek in 1975 gevolg het (CIIR 1989:37). Suid-Afrika en Portugal se verskille is dus opsy gesit ten einde beide se belange te beskerm.

3. Voorlopers van die Suiderkruisfonds

Die betrokkenheid van 'n staat by 'n konflik dien as katalisator vir die burgerlike samelewing om te organiseer ten einde die soldate op die gevegsfront te ondersteun. McMillen (1943:303) argumenteer dat die burgerlike samelewing die behoefte koester om hul soldate te ondersteun en 'n behoefte ontstaan aan organisasies wat hierdie innerlike drang kan bevredig. Op internasionale vlak is welsynorganisasies alomteenwoordig ten tye van oorlog. Tydens die Eerste Wêreldoorlog het verskeie organisasies geld ingesamel vir en geriewe geskenk aan die Geallieerde troepe. Die organisasies sluit onder andere die Salvation Army, Knights of Columbus, Young Men's Christian Association, Toc H, Union Defence Force Institute en Rooikruisfonds in. Ten tye van die Tweede Wêreldoorlog was die Rooikruisfonds die grootste internasionale welsynorganisasie vir soldate. Die organisasie het finansiële bystand aan soldate se afhanklikes gebied, asook toerusting aan hospitale, en het geriewe vir sport en vermaak verskaf (Thomas 1945:273–6; Van der Waag 1991:32).

Op plaaslike vlak het Suid-Afrikaanse organisasies ook voorsorg vir die welsyn van Suid-Afrika se soldate getref. Met die uitbreek van die Eerste Wêreldoorlog in 1914 het die Goewerneur-Generaalsfonds voorsorg vir die soldate van die Unie en hul afhanklikes getref. 'n Wippet-tenk het in 1919 vanaf Kaapstad oor Mosselbaai tot in Uitenhage getoer waar vier jong dames bo-op hierdie nuutste wapen van die oorlog, bewapen met sakkies vasgebind aan stokke, geld ingesamel het en drie gelukkige passassiers 'n rit op die tenk teen £1 elk kon koop.⁴ En dan was daar die populêre Glory Bags van die Tweede Wêreldoorlog, verskaf deur die South African Gifts and Comforts Fund. Die fonds was die inisiatief van die eerste minister, genl. J.C. Smuts, se vrou. Glory Bags was katoensakke waarin 'n gebreide serp, gebreide handskoene, 'n balaklawa, gebreide sokkies, 'n pakkie skeerlemme, 'n stringetjie tou, 'n kakiesakdoek, 'n skryfblok, koeverte en 'n klein potlood, 'n pakkie sigarette, naalde en gare met knope en lap was. Tydens een geleentheid met Kersfees in 1940 het die sakke ook

'n briefie van die generaal en sy vrou ingesluit (Moolman 1943:399).⁵ Die Suiderkruisfonds het op hierdie tradisie voortgebou.

Organisasies soos die Suiderkruisfonds verteenwoordig die tuisfront: dié instellings in die samelewing wat ten tye van oorlog hulle ondersteuning aan die staat en weermag bied. Die suksesvolle mobilisering van hierdie instellings is 'n verlange resultaat van oorlog. Wolf (1942:202) voer aan dat “the home is at all times a nation's first line of defence”. 'n Organisasie soos die Suiderkruisfonds het dus 'n vername rol in die samelewing ingeneem en ook die ondersteuning van die staat en weermag geniet. Die inisiatief van die publiek om te mobiliseer en die bydrae van diegene op die tuisfront is in 1978 deur adm. Ronnie Edwards geloof in 'n toespraak wat hy by 'n Suiderkruisfondsdinee gelewer het: “[D]ie Republiek is betrokke by 'n volkskaalse oorlog wat op verskeie fronte gevoer word. Die front waaroor daar die minste gepraat word, is die tuisfront wat die gevolge moet dra van die totale aanslag. Eintlik is dit die tuisfront wat die weermag beskerm.”⁶

3.1 Burgerlike teenstand teen die dienspligstelsel

Alhoewel die Suiderkruisfonds verteenwoordigend is van die samewerking van die burgerlike samelewing tydens die Grensoorlog, moet dit duidelik gemaak word dat dit nie verteenwoordigend van die samelewing in sy geheel was nie. Die politieke situasie, buitelands en binnelands, asook die dienspligstelsel, het die samelewing gekondisioneer om hul ondersteuning, passief of aktief, te bied. Tog was daar diegene wat dit teengestaan het. 'n Gedeelte van die bevolking het diensplig gesien as een van die aspekte van apartheid wat nadelig was vir die wit bevolking. Nathan (1989:308) gee die volgende redes hiervoor: “Authoritarianism, physical hardship and boredom of army life, the disruptive effects of military service on careers and families, and the risk of death or injury.”

Na afloop van die Tweede Wêreldoorlog het die Suid-Afrikaanse regering sy militêre mag hersien en besef die land was nie genoegsaam op toekomstige oorloë voorberei nie (Callister 2004:34). Met die groeiende bedreiging op Suid-Afrika se grense is die militêredienspligstelsel toe wel in werking gestel. Die Verdedigingswet van 1957, asook sy wysigings, bepaal onder andere die volgende: “[E]very citizen between his seventeenth and his sixty-fifth year, both included, shall be liable to render service in the South African Defence Force as hereinafter prescribed.”⁷

Die dienspligstelsel het eers op 'n lotingstelsel staat gemaak. In 1951 is loting gebruik om lukraak een uit elke drie medies fikse wit, manlike Suid-Afrikaanse burgers te kies om vir twee tot drie maande verpligte militêre opleiding te ondergaan. Hierdie gelote burgerlikes sou vir 'n tydperk van tien maande na hul aanvanklike militêre opleiding dienspligtig wees. Dié wat nagelaat het om vir militêre diens te registreer, is 'n boete van R200 opgelê. Vanaf 1952 is 30 000 mans jaarliks geloot van wie slegs 'n klein getal opgeroep is. Soos die politieke en militêre bedreiging vir die Republiek toegeneem het, het die getalle vergroot. In 1957 alleen is 7 000 mans vir diensplig opgeroep en teen 1964 het die getal tot 20 000 gegroei. Die tydperk van militêre opleiding is ook verleng van hoogstens drie maande na nege maande en die periode waartydens wit mans dienspligtig sou wees, is verder uitgebrei na 'n totaal van vyf jaarlikse militêre kampe van drie maande elk ná die aanvanklike basiese-opleiding-periode (Blake 2009:263–7).⁸

In 1967 is 'n nuwe sisteem geïnkorporeer wat diensplig vir alle wit mans verpligtend gemaak het. Twee maande na hul 16de verjaarsdag is hulle vir militêre diens geregistreer en opleiding het op die ouderdom van 18 begin. Die militêre opleiding is later van nege maande na 12 maande verleng. Na voltooiing van hul diensplig is hulle na die reserwemagte oorgeplaas. In 1977 is dit weer verander. Dit is toe verpligtend gemaak om na die eerste 12 maande van basiese

opleiding 'n jaar se militêre diens deur middel van kampe te doen. Die jaarlikse kampe is ook verleng tot 'n oproepbare periode van agt jaar en 30 dae per jaar. Teen 1982 het diensplig oor 'n verpligte tydperk van twee jaar met 12 oproepbare jaarlikse kampe van 60 dae elk gestrek. (Sien Blake 2009:263–7; Callister 2004:38.) Vrystelling van diensplig is toegeken slegs in die geval van huishoudelike verpligtinge, om die onderbreking van studies te voorkom, 'n fisieke gebrek, geestelike institusionalisering en spesifieke godsdienstige besware (Satchwell 1989:42–3). Tussen 1951 en 1993 het meer as 600 000 dienspligtiges militêre diens gedoen en 1 772 het tydens militêre diens omgekom (Blake 2009:268).

In 1983 is die End Conscription Campaign (ECC) gestig. Sy ondersteuning het grootliks vanuit die liberale sektore van Engelstalige universiteite en kerke gekom. Baie lede van die wit bevolking is aktief teen die dienspligstelsel gemobiliseer. Volgens Nathan (1989:308–10) het die swart bevolking die werk van die ECC gesien as 'n groot bydrae om nierassigheid binne die samelewing te bevorder. Die staat het die organisasie egter as 'n bedreiging gesien. Die wit Engelssprekende jeug het meer polities bewus geraak soos wat die weermag se rol binne die samelewing en militêre aktiwiteite op en oor die landsgrens uitgebrei het. Die ECC het onder andere gepoog om druk op die regering te plaas om diensplig te beëindig en die samelewing bewus te maak van die weermag se rol in die burgerlike sfeer en in Suider-Afrika. So kon die ECC gevolglik teenstand teen die militarisering van die samelewing uitbrei. Volgens die ECC is diensplig gebruik slegs om die staat se apartheidsbeleid te verdedig en te implementeer, Suid-Afrika se mannekrag vir militêre aktiwiteite te misbruik en die onwettige besetting van SWA te onderhou. Hulle het verder geargumenteer dat diensplig bydra tot die militarisering van die samelewing en die staat se aanwending van geweld om politieke kwessies op te los. Verder is dit ook gesien as 'n skending van die reg op vryheid van gewete.

Die politieke konteks het die verdediging van die landsgrense vir sommige vanselfsprekend gemaak en die samelewing is gekondisioneer om hul ondersteuning aan die staat en weermag te bied en die dienspligstelsel te aanvaar. Maar die politieke bewustheid wat as gevolg van die verdedigingswet en politieke konteks binne die samelewing teenwoordig was, het ook teenkating uitgelok en organisasies soos die ECC, wat direk in teenstelling tot die algemene ideologiese stroming van die Suiderkruisfonds gestaan het (sien bv. Conway 2012), het die dienspligstelsel gevolglik nie ondersteun nie. Daarom moet dit duidelik gestel word dat die Suiderkruisfonds nie die reaksie van die samelewing in sy geheel verteenwoordig het nie, maar slegs die samewerking van 'n groot deel van die wit samelewing.

3.2 Organisasies verantwoordelik vir die welsyn van die soldate

Verskeie instansies het met die uitbreiding van die dienspligstelsel en die begin van die Grensoorlog op die voorgrond getree om die welsyn van die soldate te bevorder.

Die destydse regimentsfondse van die SAW was die individuele privaat fondse van elke eenheid of hoofkwartier van die weermag. Verskillende weermagafdelings, soos die lugmag, vloot en vertakkings van die leër, soos die artillerie, infanterie, pantser, Seinkorps en Mediese Korps, het oor hul eie fondse beskik waartoe enigeen vrywillig kon bydra. Die regimentsfondse het vanaf die stigting van die SAW vir die soldate se welsyn voorsiening gemaak.⁹ So ook het die Suid-Afrikaanse Weermag Instituut, tot 1957 bekend as die Union Defence Force Institute, mobiele kantiene voorsien waar soldate verversings en verbruiksgoedere teen lae pryse kon koop (Van der Waag 1991:33).

Toe diensplig in 1968 verpligtend gemaak is, is die totale wit bevolking van Suid-Afrika direk en indirek by die aktiwiteite van die weermag betrek. Talle organisasies en lede van die burgerlike samelewing het fondse vir die welsyn van die soldate geskenk. Die Suiderkruisfonds is in 1968 gestig om fondse in te samel vir die welsyn van Portugese en Suid-Afrikaanse soldate. Met die

toename in skenkings deur die publiek is die Brandwagfonds in 1969 deur die weermag gestig om dié skenkings te behartig. Die Brandwagfonds was nie 'n welsynsorganisasie nie en kon nie onafhanklik fondse insamel nie.¹⁰

Met verloop van tyd het die aktiwiteite van die SAW uitgebrei en het die welsynsbehoefte van die weermag vergroot. In 1976 is die Brandwagfonds deur die Suid-Afrikaanse Weermagfonds vervang wat uit eie reg ook fondse vir die welsyn van die soldate kon insamel. Die Suiderkruisfonds het na vore getree as die grootste siviele skenker tot die Weermagfonds. Om te verseker dat die insamelingspogings van die Suiderkruisfonds nie deur mededinging gekelder word nie, het die Fondsinsamelingswet van 1978 die Suiderkruisfonds as die enigste gemagtigde burgerlike fondsinsamelingsorganisasie gevestig.¹¹ Die basis van samewerking tussen die Suiderkruisfonds en die Weermagfonds het by ooreenstemming ten opsigte van fondsinsameling en ondersteuning deur die weermag vir enige projekte gelê.¹²

3.3 Die Mosambiekse Soldatefonds, voorloper van die Suiderkruisfonds

In Januarie 1968 het die joernalis Ken Anderson aan Elizabeth Albrecht gevra: "What are you going to do for the Portugese?"¹³ Albrecht, die enigste kind van ds. W. de Vos van die Nederduitse Gereformeerde Kerk op Ladysmith, het 'n graad in joernalistiek aan King's Kollege in Londen behaal, waarna sy kort voor die uitbreek van die Tweede Wêreldoorlog na Suid-Afrika teruggekeer het. Sy het as joernalis by die *Cape Times* begin werk en was ook 'n lid van die Maria van Riebeeck-klub, waar sy waardevolle organisatoriese vaardighede aangeleer het.¹⁴ Die wit bevolking van Suid-Afrika was teen hierdie tyd welbekend met die voorgehoue kommunistiese aanslag wat die Republiek in die gesig gestaar het, asook met die nood van sy buurlande. Suid-Afrika se buurlande het as 'n buffer teen die voorgehoue kommunistiese aanslag gedien en 'n kommunisties-geïnspireerde oorname van hierdie buurlande sou 'n knou vir die veiligheid van die staat wees. Die nood van die Portugese magte was prominent op die voorgrond in die openbare diskoers. Soos genoem, het Suid-Afrika Portugal as 'n vennoot in die stryd teen kommunisme in Suider-Afrika gesien en daar het 'n komplekse, maar noue, verhouding tussen die twee state ontstaan.¹⁵

Albrecht het met kenners op die gebied van die politieke wetenskap gesels om meer te wete te kom oor die bedreiging wat kommunisme vir Suider-Afrika inhou. Daarna het sy na Angola en Mosambiek gereis om die situasie eerstehands onder oë te kry. Die nood en gebrek aan toerusting en hulp wat sy in die Portugese koloniale hospitale aanskou het, het haar oortuig dat iets van Suid-Afrikaanse kant gedoen moet word om bystand te verleen. Sy het op 24 Januarie 1968 'n vergadering in Pretoria belê. Teenwoordig was onder andere Albrecht se man, Rudolph Albrecht, wat 'n prominente sakeman was, Ken Anderson, dr. Vaz Pereira, die Portugese konsul-generaal, 'n paar van Albrecht se vriendinne, asook lede van die Suid-Afrikaanse Portugese gemeenskap. Tydens die byeenkoms is daar gesamentlik besluit dat hulp aan die Portugese soldate gebied moet word. Gevolglik is 'n loodskomitee bestaande uit die volgende persone saamgestel: Elizabeth Albrecht (voorsitter), Isabel Venter (ondervoorsitter), Joha Fourie (sekretaresse), mnr. Liebenberg (tesourier) en Lynn Moolman (addisionele lid). Omdat Mosambiek se ondersteuningsnood die grootste was, is die nuutgestigte organisasie die Mosambiekse Soldatefonds gedoop.¹⁶

Albrecht het die organisasie se bande uitgebrei en begin saamwerk met Telma Valente, voorsitter van die Movimento Nacional Feminico, 'n Portugese vroueorganisasie wat in Lourenço Marques was, wat ook hulp aan hul eie soldate gebied het. Die twee organisasies het bymekaar gekom en met behulp van genl. Kualza d'Arriaga van die Portugese weermag die behoeftes van die Portugese magte bepaal om onmiddellike hulpverlening te bewerkstellig. Die klem het op humanitêre hulp in die vorm van onder andere hospitaalbeddens, toerusting,

ambulanse, medisyne en noodhulptoerusting geval. Die hulp was dus beperk tot toerusting en medisyne. Daar is nooit geldelike hulp aan die Portugese magte gebied nie.¹⁷



Figuur 1. Elizabeth Albrecht¹⁸

Na enkele maande het dit vir Albrecht en die lede van haar organisasie duidelik geword dat die aktiwiteite van die Mosambiekse Soldatefonds uitgebrei moet word. Sedert 1957 is sterk sensuur egter toegepas met betrekking tot inligting aangaande die SAW. Die Verdedigingswet van 1957 het dit onwettig gemaak om sekere inligting rakende die weermag en sy aktiwiteite in die openbaar bekend te maak. Inligting rakende die veiligheid en verdediging van die land is as geklassifiseerd beskou. Volgens hierdie wet mag geen persoon iets publiseer met betrekking tot enige lid van die weermag, of enige aktiwiteite van die weermag, of enige buitelandse mag wat moontlik bevooroordeeld was, 'n verleentheid vir die staat was met betrekking tot sy buitelandse betrekkinge, of die publiek om een of ander rede sou ontstel nie. Terugkerende dienspligtiges is ook verbied om enige inligting oor die weermag se aktiwiteite bekend te maak (Baines 2008:10).¹⁹

Volgens die regering sou die voordele van Suid-Afrika se betrokkenheid in Mosambiek en Angola nie dadelik vir die publiek duidelik wees nie. Die volledige onthulling van inligting, en spesifiek onbeperkte mediadekking, kon tot 'n afname in die publieke moreel of bevraagtekening van en selfs teenkanting teen regeringsbeleid lei. Verder het Suid-Afrika se bevleekte internasionale beeld verhoed dat die regering oop en bloot by 'n buitelandse konflik betrokke kon raak. Inligting wat wel met die publiek gedeel is, was dus beperk tot dit wat nodig was om hulle te oortuig om die situasie te aanvaar. (Sien in hierdie verband Satchwell 1989:40; Heitman 1990:24; Holt 2004:4; Baines 2008:9.)

Die Mosambiekse Soldatefonds was egter nie onderhewig aan dieselfde beperkinge nie. Om die behoeftes van die soldate te bepaal, het lede van die fonds basisse op die grens en binne Mosambiek en Angola besoek. Hierdie besoeke het hulle ook toegang tot geklassifiseerde inligting gebied. Tydens 'n besoek aan 'n basis in Cazombo in Angola is Pam Hansen, 'n lid van die Mosambiekse Soldatefonds, deur 'n Suid-Afrikaanse luitenant gewaarsku oor die sensitiwiteit van die inligting waaroor sy beskik. Dit was vir die luitenant duidelik dat lede van die fonds, soos Hansen, oor kennis oor die beweging van troepe en die betrokkenheid van Suid-Afrikaanse troepe, veral in die lugmag in Angola, beskik het. Die rede daarvoor was die

gewildheid van die fonds onder Portugese soldate. As gevolg van die hulp wat die fonds aan die Portugese soldate verleen het, het Portugal inligting met die fondsbestuur gedeel en hulle toegang tot verskeie basisse en die gevegsfront gebied.²⁰ Die fondsbestuurslede was gevolglik 'n uitsondering en nie onderhewig aan die militêre toegangsbeperkinge wat aan die publiek opgelê is nie. Tog het hierdie toegang die fonds in staat gestel om optimaal te funksioneer, want die fondsbestuurslede kon eerstehands operasionele omstandighede waarneem en die behoeftes aan hulpverlening korrek bepaal.

4. Die stigting van die Suiderkruisfonds

Die beperkte betrokkenheid van die SAW by militêre optrede in Mosambiek en Angola het gelei tot die besluit om die aktiwiteite van die Mosambiekse Soldatefonds uit te brei. Die fondsbestuur het samesprekings met verskeie kenners oor die kommunistiese aanslag en die dringendheid van Suid-Afrika se betrokkenheid om die veiligheid van die Suid-Afrikaanse staat te verseker, gevoer. Na verskeie samesprekings, spesifiek gedurende Augustus 1968 met kenners en politieke figure, onder andere die administrateur van die Transvaal, Sybrand van Niekerk, wat 'n ondersteuner van die fonds was, is 'n skriftelike voorstel aan die destydse eerste minister, John Vorster, gerig. Hierdie dokument het die doelstellings van die fonds uiteengesit en voorgestel dat die fonds sy aktiwiteite uitbrei om alle Suider-Afrikaanse magte in te sluit. Vorster het tot die inisiatief ingestem.²¹

Na samesprekings met Sybrand van Niekerk oor die nuwe rigting van die fonds is daar besluit om die fonds se naam na die Suiderkruisfonds te verander. Die inspirasie het gekom van die bekende sterrebeeld, die Suiderkruis, wat ook die simbool van die Suidelike Halfrond is en derhalwe aangeneem is as die simbool van die organisasie. Van Niekerk het ingestem om as eerste beskermheer van die organisasie te dien. Die fonds is as 'n welsynsorganisasie geregistreer en die fondsinsamelingsnommer WO 01/100073/000/8 is daaraan toegeken.²²

Met die uitbreiding van die organisasie het sy doelstellings ook verander. Die Mosambiekse Soldatefonds het beoog om humanitêre hulp aan Portugese soldate in Angola en Mosambiek te bied. Met die oorgang na die Suiderkruisfonds is die hulp aan die buitelandse soldate voortgesit, maar dit is uitgebrei om ook Suid-Afrikaanse soldate op en oor die landsgrense te ondersteun. Humanitêre hulp aan buitelandse soldate in Angola en Mosambiek is voortgesit tot aan die begin van 1974 toe die Portugese magte uit hierdie gebiede onttrek het. In daardie tydperk het die fonds humanitêre hulp van meer as 'n kwartmiljoen rand aan die Portugese geskenk. Die hulp aan Rhodesiese magte, in die vorm van ambulanses en medisyne, het tot die einde van 1979 voortgeduur toe Rhodesië, vandag bekend as Zimbabwe, as onafhanklik erken is.²³

Die Suiderkruisfonds het geld ingesamel om aan alle lede van die Suid-Afrikaanse veiligheidsmagte, die SAW en SAP, ontspanningsgeriewe te verskaf. Dit was die organisasie se primêre doel. Hierdie geriewe het onder andere sportgeriewe, televisiestelle, ys- en kouewatermasjiene, snoekertafels, filmprojektors, swembaddens, boeke, musiekinstrumente en Bybels ingesluit. Verder is geskenkpakkies met vertrek na die operasionele gebied en tydens Kersfees aan elke soldaat op grensdiens gegee. Die Suiderkruisfonds het klem daarop gelê dat hierdie geriewe en geskenke aan alle soldate en polisiemanne gegee is, nie slegs aan wit lede van die SAW en SAP nie.²⁴ Dit was die uitdeel van geskenke aan die soldate wat gelei het tot die Suiderkruisfonds se bynaam, toe dienspligtiges met die ontvangs van hul pakkies geantwoord het: "Dankie Tannie". Die Suiderkruisfondsdames se afskeids- en Kerspakkies is dus die "Dankietannie-pakkies" gedoop. Alhoewel ook wit mans in die bestuur van die Suiderkruisfonds gedien het, het hoofsaaklik vroue by die fonds betrokke geraak en dit is hierdie groot teenwoordigheid van vroue wat verantwoordelik was vir die fonds se beeld as 'n vroue-organisasie. Hulp is ook verleen aan die afhanklikes van lede van die gewapende

magte in finansiëlekrisistye, asook aan swaargewondes en oorloggestremdes wat by militêre hospitale versorg is. Bystand is verder verleen deur inisiatiewe soos die “Bel-en-ry-na”-inisiatief.²⁵


Die sekondêre doel van die organisasie was om die moreel van die gewapende magte hoog te hou deur die burgerlike gemeenskap agter die weermag en polisie te verenig.²⁶ Albrecht het inderdaad die doelstellings van die fonds soos volg opgesom: “[The fund is] the channel between the people and the forces, who receive in this way not only recreational equipment, but also the assurance of the gratitude and moral support of the people at home” (in Conway 1989:80). Soos die fonds se aktiwiteite uitgebrei het, het ook die komitee en ledetal uitgebrei. Jaarliks is al hoe meer takke in elke provinsie gestig. In die Kaapprovinsie alleen was daar 127 takke en in die destydse Transvaal 71 takke. Tydens sy bestaan het die Suiderkruisfonds net meer as 300 takke landswyd gehad.²⁷



Figuur 2a. Suiderkruisfonds-leersakkies waarin benodighede vir soldate geplaas en oorhandig is.



Figuur 2b. Suiderkruisfonds-mes: 'n gunsteling onder die soldate



Figuur 2c. Suiderkruisfonds-spieëltjie

4.1 Die Suiderkruisfonds en die militarisering van die burgerlike samelewing

Die mobilisering van die burgerlike samelewing vir 'n oorlogspoging is gewortel in die voorgehoue bedreiging vir die staat. Die mobilisering van die Suid-Afrikaanse wit samelewing het teen die agtergrond van die staat se verdedigingswet en die voorgehoue "totale aanslag" teen die staat en die algehele bevolking geskied. Regan (1994:12) voer aan dat die teenwoordigheid van 'n bedreiging vir die staat nie net op ekonomiese, politieke en militêre vlak 'n invloed uitoefen nie, maar ook op sosiale vlak. Dit is die sosiale invloed wat die oorlogspoging kan kelder, omdat sekere aspekte van die oorlogspoging sosiale teenstand kan ontlok. Regan verwys hier spesifiek na die teenwoordigheid van militêre diensplig in die samelewing. Om hierdie teenstand te voorkom, moet 'n sosiale konteks geskep word waar militêre diensplig aanvaar word en die burgerlike samelewing gekondisioneer is om dit te aanvaar. As 'n groot gedeelte van die bevolking binne hierdie sosiale konteks gekondisioneer word, sal die burgerlike samelewing makliker militêre diensplig aanvaar en vir die oorlogspoging mobiliseer (Regan 1994:31; Grundy 1986:58).

Binne die Suid-Afrikaanse konteks was die aanvaarding van diensplig integraal tot die oorlogspoging en verskeie instansies het tot hierdie aanvaarding bygedra. Die onderwysstelsel was ook nou betrokke by die voorbereiding van toekomstige dienspligtiges. Wit seuns is vanaf 'n jong ouderdom deur middel van die skoolkadetstelsel vir militêre diensplig voorberei. Du Plessis (1988:16) het die rol van skoolkadette as deel van die fundamentele opvoedkunde binne die Suid-Afrikaanse konteks ondersoek. Hy argumenteer dat opvoeding gebruik moes word om jong Suid-Afrikaners fisiek en geestelik voor te berei om die marxistiese aanslag teen te staan. In samewerking met onderwysers het leerlinge deelgeneem aan verskeie programme en aktiwiteite wat daarna gestreef het om hulle voor te berei vir wat van hulle tydens diensplig verwag sou word. Hierdie aktiwiteite het radiokommunikasie, skietkuns, dissipline, verskeie militêre vaardighede, driloefeninge, kamoeflering, spoorsny en vele meer ingesluit. Die skoolkadette het deel van die jeugweerbaarheidsprogram, 'n verpligte skoolvak, gevorm en is verder met veldskole uitgebrei. (Sien Evens 1989:285–6, 288–9, 292, 294; Cock 1989b:11.)

Hierdie voorbereiding van die wit jeug op militêre diensplig het beoog om diensplig in 'n gunstige lig te stel en het ook bygedra tot die hoë status wat dienspligtiges in die gemeenskap geniet het. Weermagoffisiere het selfs skole besoek om skoolseuns toe te spreek oor die weermag as 'n loopbaankeuse en om inligting oor diensplig oor te dra. Die kadette het seuns fisiek en sielkundig vir diensplig voorberei. Deur middel van die hegte verhouding tussen die onderwysstelsel en die SAW is wit seuns gevolglik vanaf 'n jong ouderdom aangemoedig om diensplig te aanvaar (Grundy s.j.:17; Cock 1989b:11). Du Plessis (1988) staaf sy argumente oor die skoolkadette met verskeie aanhalings deur Suid-Afrikaanse politici en die Suid-Afrikaanse media waarin die skoolkadetstelsel verheerlik word. Hy self dra by tot hierdie verheerliking met die volgende stelling: "Hier is die skolier soldaat-in-die-kleine en staan hy aan die beginpunt van sy deelname aan 'n eeue-oue menslike aktiwiteit, naamlik die verdediging van sy eie, in die besonder sy eie vaderland" (Du Plessis 1988:48).

Tesame met die onderwysstelsel het die Suid-Afrikaanse media ook die aanvaarding van diensplig aangemoedig en militêre waardes aan die wit samelewing oorgedra. In 1977 het die weermag 'n voltydse skakelkomitee daargestel om die weermag se verhouding met die media op goeie voet te hou. Professionele joernaliste is ook in die weermag opgeneem en vanaf 1977 het die aantal en gehalte van berigte oor die weermag toegeneem. Tog is daar beperkinge op hierdie ingebede joernaliste geplaas en mediaberigte was oorweldigend eensydig proweermag-georiënteerd. Die beeld van die weermag is gevolglik deur die media gevorm en diensplig is geïdealiseer en soldate is selfs verromantiseer in strokiesprente soos *Roger Raaskiet* en films soos *Die Rebel*. (Sien Craig 2008:60–1; Grundy 1986:59–60; Grundy s.j.:17; Scholtz 1998:236.) 'n Artikel in *Kommando* van Maart 1965 het byvoorbeeld die plig van die soldate en dit wat van hulle verwag is, geïdealiseer:

We believe in you, we love you, you are our men, our sweethearts, our sons; we expect much of you. You must meet the challenge of this time with faith in yourselves, in your leaders, in God. The bravery and loyalty of our South African soldiers have been proven on a hundred battlefields. They have never failed us, we expect you, their sons, to keep faith.²⁸

Omdat die fokus van die ondersoek waarop hierdie artikel gebaseer is, op die Suiderkruisfonds en sy betekenis binne die wit burgerlike samelewing lê, word die invloed van die media en die onderwysstelsel op die wit burgerlike samelewing se siening van diensplig nie indringend bespreek nie. Die Suiderkruisfonds moet gesien word as net een van vele instansies wat die impak van diensplig versag het en tot die aanvaarding daarvan bygedra het.²⁹ Die Suiderkruisfonds het dus die invloed van instellings soos die media en die onderwysstelsel aangevul.

4.2 Die versagting van die impak van diensplig

Met die instelling van verpligte diensplig vir alle manlike lede van die wit bevolking het die kwessie van sterfgevalle tydens grensdiens prominensie binne die wit samelewing verkry. 'n Artikel in *Die Burger* van 17 November 1975 het byvoorbeeld berig oor ene mev. Venter wat haar oudste seun na 'n mortieraanval in die operasionele gebied aan die dood afgestaan het: "Dis mev. Venter se grootste vrees dat Petrus (haar jongste seun) ook na die grens gestuur sal word."³⁰ Ongevalle ten tye van oorlog kan 'n negatiewe uitwerking hê op die burgerlike samelewing se mening aangaande die konflik, asook hul ondersteuning vir die weermag en die oorlogspoging (Gartner en Segura 1998:279). Tydens die Grensoorlog was die teenstand teen diensplig 'n sensitiewe onderwerp vir die staat en die weermag en soos genoem, is verskeie instansies gebruik om teenstand te voorkom of te verminder sodat diensplig as deel van die destydse Suid-Afrikaanse lewenswyse aanvaar sou word. Volgens Callister (2004:10–2) het die gemilitariseerde onderwysstelsel wel 'n groot impak gehad, maar ten spyte van die

bydrae van die media en onderwys, het die grootste invloed steeds vanuit 'n staats- en militêre sfeer gekom. Ten einde die wit burgerlike samelewing so ver te kry om diensplig ten volle te aanvaar, was ook 'n burgerlike invloed nodig.

In 1967 is diensplig vir alle wit Suid-Afrikaanse mans verpligtend gemaak. Die impak van diensplig was dus verreikend. Dit het nie net die lewens van dienspligtiges geraak nie, maar ook dié van hul naasbestaendes. Die ervaring van diensplig was integraal tot die dienspligtiges se vormingsjare en hul oorgang na volwassenheid, met positiewe en negatiewe gevolge. Al is daar gepoog om ongelukke tot 'n minimum te beperk, het dit steeds voorgekom. Talle families is ook ekonomies aangetas deurdat die broodwinner se inkomste van die familie ontnem is. Die sielkundige impak van militêre diens op dienspligtiges het dikwels ook lank na hul dienstermyn, veral deur middel van verpligte jaarlikse militêre kampe, hulself en hul families steeds beïnvloed. Dienspligtiges het met militêre diens groot veranderinge ondergaan. Fisiek en geestelik het hul sterker geword, maar hul persepsie van sosiale konsepte soos geweld het verander en die emosionele wroeging het talle negatief aangetas (Callister 2004:112–6).

Diensplig lei daartoe dat 'n staat se gewapende mag grootliks uit burgerlikes bestaan. As gevolg daarvan word die burgerlike samelewing tot 'n groter mate by die aktiwiteite van die weermag betrek. Binne die Suid-Afrikaanse konteks tydens die Grensoorlog was daar 'n hegte verhouding tussen die weermag en die burgerlike samelewing, omdat die ingesteldheid van die verdedigingswet die totale Suid-Afrikaanse bevolking betrek het. Diensplig het bygedra tot hierdie hegte verhouding, omdat bykans alle wit Suid-Afrikaanse huishoudings deur diensplig geraak is. Aangesien die weermag grootliks uit burgerlikes bestaan het, het dit die samelewing gemotiveer om die weermag te ondersteun en agter die dienspligtiges te verenig. Maar omdat diensplig nie 'n langtermynloopbaan was nie, was die besorgdheid oor die welsyn van die dienspligtiges nog meer prominent. Die burgerlike samelewing wou verseker wees van die welstand van die dienspligtiges en soos genoem, was die invloed van die staat nie altyd voldoende om die impak van diensplig te versag nie. (Sien Segal en Segal 1983:158–60; Frankel 1984:2, 12, 98.)

'n Brief van 'n besorgde moeder, gerig aan die stigter van die Suiderkruisfonds, Elizabeth Albrecht, dui op die emosionele betrokkenheid van wit Suid-Afrikaanse vroue en hul besorgdheid oor die welsyn van dienspligtiges. Sy het geskryf oor die welstand van vroue se seuns soos wat die weermag se aktiwiteite na die swart townships uitgebrei het:

The war is no longer that faraway war to the north of South West Africa, it's here. For example a mother says to you, "You give parcels for the man in Ondangwa, my son is in Soweto and he is in as much danger as they are, if not more. And what are you going to do about it?" (in Cock 1991:109).

As die grootste skenker van fondse vir die welsyn van dienspligtiges het die publiek die Suiderkruisfonds verantwoordelik gehou vir die welsyn van die soldate en het hoë verwagtinge van die fonds gehad. Die fonds moes dus gereeld die publiek oor sy doen en late gerusstel.

Die burgerlike samelewing se bekommernis het veral gespruit uit die weermag se geheimhouding ten opsigte van militêre aktiwiteite. Daar was streng geheimhouding rondom die weermag en militêre operasies en die algemene publiek was nie ingelig oor die troepe se bewegings nie. Operasies is voorgestel as beperk tot die "operasionele area". Hierdie gebied was aan die gemiddelde lid van die publiek bekend as die gebied direk suid van die SWA-Angola-grens, maar in werklikheid het dit al hoe meer begin verwys na 'n gebied binne Angola self (Holt 2004:6; Steenkamp 1976:15). J.H. Thompson (2007:1), 'n skrywer en joernalis, stel dit eenvoudig: "Wat ek die beste onthou is ouers wat huil. Ek dink nie hulle het regtig gehuil omdat hulle seuns weggaan nie, maar eerder omdat hulle nie geweet het waarheen die kinders gaan nie."

As gevolg van haar verhouding met die Portugese en Suid-Afrikaanse weermag het die nasionale voorsitter van die Suiderkruisfonds toegang tot geklassifiseerde inligting gehad. Die fonds het ook gedien as 'n kanaal tussen die weermag en die publiek, nie net om geldelike skenkings te kanaliseer nie, maar ook om eerstehandse inligting oor die welstand van die troepe aan die publiek oor te dra. Suiderkruisfondsleders het gereeld besoeke aan militêre basisse afgelê, dienspligtiges ontmoet en dan terugvoering aan die publiek gegee. Die terugvoering van 'n burgerlike organisasie, 'n organisasie wat die publiek verteenwoordig het, het die toestande waarbinne die dienspligtiges hul militêre diens verrig het, tuisgebring en terselfdertyd die publiek gerus gestel.³¹

Die Suiderkruisfonds het hierdie gerusstelling deur middel van die media, veral die Afrikaanse media, oorgedra. Die organisasie het verslag gedoen oor die welstand van die soldate en die publiek aangemoedig om hul ondersteuning te bied. Daarby is die opofferinge deur die dienspligtiges, asook hul families, as deel van die oorlogspoging geregverdig:

Die seuns is bruin gebrand, gesond en blymoedig en hul ouers hoef nie oor hulle bekommerd te wees nie. [Die] dienspligtiges is lewenslustig en vol moed vir hul taak. Ontspanningsgeriewe is voldoende en wissel van die veerpyltjieborde tot swembaddens en tennisbane. Van die basisse het elektrisiteit in elke tent. Die soldate kan hulle beslis nie verveel nie en Vryetydsbesteding word goed georganiseer. Die Suiderkruisfonds is tevrede met die besteding van geld.³²

'n Soortgelyke verslag oor die toestand van die basisse spreek die moeders direk aan: "Mothers can be assured that their sons are well looked after and the Southern Cross organisation has done a lot for our boys."³³

Berigte het ook direk die ondersteuning van die publiek aangemoedig met verwysing na hulle steun aan die oorlogspoging teen die "totale aanslag": "We have no right to expect our men in uniform to endure suffering and hardship if we at home do not manifest a strong belief that our cherished values and traditions are worth defending."³⁴

4.3 Samewerking en eenheidsgevoel

Die gerusstelling wat die Suiderkruisfonds gebied het, was grootliks gemik op dienspligtiges se ouers, spesifiek die moeders. As moeders van dienspligtiges kon hulle 'n groot invloed op toekomstige en huidige dienspligtiges uitoefen. Gerusgestel deur die Suiderkruisfonds kon moeders en eggenote verenig agter die dienspligtiges staan en gesamentlik hul ondersteuning bied. Vroue was verteenwoordigend van die tuisfront en daar moes gepoog word om 'n gesamentlike tuisfront te skep:

Just as they are united in combating infiltration and attacks, so we, on the home front, must also unite since union still ensures and guarantees strength. The Southern Cross had succeeded laudably in impressing on people the concept of a continuous consolidated front from up-country to the border, from the home front to the battle front.³⁵

Gemeenskaplike opoffering tydens die Grensoorlog het families op die tuisfront verenig. Talle families het geliefdes op die landgrense gehad en daagliks met die moontlikheid van die verlies van 'n geliefde geworstel. Die gemeenskaplike emosionele betrokkenheid is verder gevoer en deur middel van die Suiderkruisfonds in gemeenskaplike ondersteuning omskep. Die Suiderkruisfonds het deur middel van die media³⁶ gereeld klem gelê op die noodsaaklikheid van 'n verenigde tuisfront om die aanslag teen die staat suksesvol teen te staan en as aanvulling tot die gewapende magte te dien. As 'n burgerlike organisasie het die

Suiderkruisfonds homself as 'n medium voorgestel waardeur die burgerlike samelewing, ten spyte van enige verskille, kon verenig en as gesamentlike front kon optree.³⁷ Veral die Ryveilig Projek, wat rygeleenthede aan dienspligtiges gebied het, het lede van 'n gemeenskap verenig ter ondersteuning van die troepe om 'n praktiese bydrae tot die oorlogspoging te lewer.³⁸

Tydens die Grensoorlog was dit noodsaaklik dat die moreel van die bevolking hoog moes wees om die voortdurende totale betrokkenheid van die burgerlike samelewing te verseker. Buiten die gemeenskaplike samewerking en ondersteuning het die Suiderkruisfonds ook gedien om die burgerlike samelewing se moreel hoog te hou. Die konflik waarby die Suid-Afrikaanse magte betrokke was, het ook 'n uitwerking op die moreel van die tuisfront gehad, nie net ten opsigte van oorwinnings of nederlae van die gewapende magte nie, maar ook ten opsigte van die sterftes van geliefdes as gevolg van militêre aktiwiteite en die afwesigheid van geliefdes as gevolg van militêre diensplig. Die gerusstelling van die publiek deur die Suiderkruisfonds het bygedra tot die moreel van die tuisfront, asook aktiewe betrokkenheid by die organisasie. Volgens Lucy Böntgen, destydse voorsitter van die Northcliff-, Linden- en Fairland-tak van die Suiderkruisfonds, was ondersteuning aan die organisasie nie net 'n welsynsdaad nie, maar 'n lewensbeleid. Die projekte van organisasies soos die Suiderkruisfonds het die publiek as 'n geleentheid aangegryp om aktief by die verdediging van die staat betrokke te raak en samehorigheid as volk te toon.³⁹

Om 'n bydrae tot die oorlogspoging te lewer, is as die plig van elke lid van die burgerlike samelewing gesien en die Suiderkruisfonds het hierdie siening ondersteun. As burgerlike organisasie kon die Suiderkruisfonds bydra tot die paraatheid van die wit burgerlike samelewing, die moreel van die samelewing hoog hou deur middel van gerusstelling en 'n aktiewe bydrae tot die oorlogspoging lewer, asook die verskeie faksies van die samelewing ter ondersteuning van die troepe verenig. Die Suiderkruisfonds is dus voorgestel as 'n simbool van samewerking en 'n organisasie wat eenheid bevorder.⁴⁰

As 'n verenigde tuisfront kon 'n groot deel van die burgerlike samelewing gevolglik optimaal met die weermag saamwerk ter verdediging van die staat. Diensplig is deur die weermag en staat as integraal tot die verdediging van Suid-Afrika voorgestel en die Suiderkruisfonds het tot die aanvaarding van diensplig bygedra. Die organisasie se besoeke aan die militêre basisse het gevoelens van simpatie by die burgerlike samelewing ontlok en om tot die Suiderkruisfonds by te dra, is as patrioties voorgehou. Die fonds het gevolglik samewerking met die weermag aangemoedig, asook die wit burgerlike samelewing verteenwoordig en vir hulle 'n organisasie gebied waarmee die publiek hulle kon vereenselwig (Cock 1989b:52; Seegers 1984:37, 43).⁴¹

5. Die moreel van die Suid-Afrikaanse troepe

Fourie (2002:201) bespreek die rol van burgerlike organisasies, onder andere die Suiderkruisfonds, in die mobilisering van die burgerlike samelewing. Hy voer aan dat vroue in 'n ondersteunende rol 'n groot bydrae tot die handhawing van die hoë moreel van die soldate gelewer het, spesifiek deur organisasies soos die Suiderkruisfonds. Albrecht het geglo dat enige land se belangrikste geheime wapen ten tye van oorlog die moreel van sy burgerlike bevolking en die moreel van sy soldate is. Volgens haar het die werk van die Suiderkruisfonds nie net aan die Suid-Afrikaanse soldate bewys dat die wit bevolking getrou tot die verbetering van die welsyn van die soldate verbind was nie, maar ook die moreel van die soldate verbeter.⁴² Die Suiderkruisfonds het nie net daarna gestreef om te voorsien in die basiese fisiese behoeftes van die soldate nie, maar ook om die soldate geestelik te ondersteun. Verslae oor die toestand van militêre basisse in SWA aan die begin van die weermag se teenwoordigheid in die gebied het getuig van 'n swak moreel onder die troepe. Hierdie swak moreel is onder andere toegeskryf aan die afwesigheid van enige ontspanningsgeriewe. Met 'n beperkte

begroting kon die weermag nie in hierdie behoeftes voorsien nie en die Suiderkruisfonds kon instaan om hierdie rol te vervul.⁴³

Die Suiderkruisfonds het deur middel van sy aktiwiteite gepoog om die volgende uit te rig: eerstens om aan die Suid-Afrikaanse soldate te bewys dat die wit burgerlike bevolking hul welstand op die hart dra en aktief poog om tot hul welstand by te dra en tweedens om die moreel van die soldate deur ontspanningsgeriewe te verbeter. Volgens kol. Pieter van der Walt het hierdie twee doelwitte hand aan hand gegaan, omdat die bevestiging dat die publiek vir die welstand van die soldate omgee het, self 'n bydrae tot die moreel van die soldate was.⁴⁴ Hierdie sentiment word deur 'n berig in *Die Oosterlig* ondersteun: "Die Suiderkruisfonds se taak is om die moreel van die troepe op die grens hoog te hou, hulle te verseker van die betrokkenheid, onderskraging en liefde van die mense by die huis."⁴⁵ Beide die weermag en die Suiderkruisfonds was van mening dat 'n positiewe bydrae tot die moreel van die troepe slegs deur 'n hegte skakeling tussen die Suiderkruisfonds, namens die wit burgerlike samelewing, en die Suid-Afrikaanse troepe verseker kon word.⁴⁶

5.1 Moreel ten tye van konflik

Met verwysing na die Val van Tobruk tydens die Tweede Wêreldoorlog, toe Britse en Suid-Afrikaanse soldate na 'n nederlaag teen die Duitsers uit die gebied in Noord-Afrika onttrek het, skryf Fennell (2011:27):

The evidence suggests that Eighth Army's defeats were due in many ways to poor morale. It is clear from the personal accounts, the censorship summaries and the official reports already adduced that morale was at the very least uncertain and unreliable during the summer of 1942.⁴⁷

Die moreel van die troepe word gevolglik as integraal tot die sukses van 'n weermag tydens oorlog beskou (Fennell 2011:2) en verskeie staats- en burgerlike inisiatiewe poog om die moreel hoog te hou.

Gal en Mangelsdorff (1991:455) beskryf *moreel* as "the enthusiasm and persistence with which a member of a group engages in the prescribed activities of that group". Die vlak van hierdie geesdrif en deursettingsvermoë kan hoog of laag wees. Landis (1941:331) fokus spesifiek op hoë moreel en beskryf hoë moreel as 'n algemene gemoedstoestand wat 'n groep motiveer om optimaal te funksioneer om hul doelwit te bereik. Baker (1930:542) voer aan dat as moreel verwys na die gemoedstoestand van die individu of die groep, moet in ag geneem word dat 'n individu of groep se gemoedstoestand nie van die omgewing waarbinne gefunksioneer word, losgemaak kan word nie.

Historici soos Fennell (2011:124) en Ulio (1941:324) argumenteer dat terwyl 'n weermag sy troepe se basiese behoeftes, voedsel, kleding en beskutting kan voorsien, is dit nie voldoende om die hoë moreel van die troepe te verseker nie. Gelyke aandag moet aan die soldaat se omgewing gegee word om hoë moreel te verseker. Fennell (2011:124) verwys na 'n verslag van die Inter-Service Committee oor die moreel van die Britse troepe tydens die Tweede Wêreldoorlog:

Where men are living and fighting in trying conditions, whether of terrain, climate, or other circumstances, small grievances assume undue proportions, particularly when it may reasonably be thought that they could be removed. Even though a straw does not break a camel's back, it may profoundly irritate the animal, particularly if it thinks that its master cannot be bothered to remove it. Therefore action is called for on the lesser matters as urgently as it is on those of major importance.

Die voorsiening van spesifieke geriewe met betrekking tot die verbetering van die omgewing waarbinne 'n soldaat funksioneer, word dus as van gelyke belang geag.

Volgens Fennell (2011:153) moet aandag aan drie kwessies gegee word om 'n hoë moreel te handhaaf: (i) die soldaat moet bekend wees met sy rol in die doelwitte van die oorlogspoging; (ii) daar moet 'n konstruktiewe verhouding tussen die soldaat en die burgerlike samelewing gehandhaaf word; en (iii) voldoende ondersteuning, geriewe en vermaak moet voorsien word. Dit is die twee laasgenoemde kwessies wat van belang is met verwysing na die rol van die Suiderkruisfonds, en al is die welsyn van die soldate die verantwoordelikheid van die weermag, val dit tog ook op die skouers van burgerlike organisasies soos die Suiderkruisfonds. Geriewe vir sport, ontspanning en vermaak verbeter die moreel van die troepe deur 'n tydverdryf aan die soldate te bied wanneer hulle nie op patrollie is nie. Wanneer hierdie geriewe van 'n burgerlike organisasie afkomstig is, dien dit as emosionele ondersteuning aan die troepe. Die gebaar word gesien as 'n uitdrukking van empatie. (Sien Gal en Mangelsdorff 1991:458; Ulio 1941:329; Fennell 2011:173.) Deur ontspanningsgeriewe te verskaf, het die Suiderkruisfonds gevolglik beide kwessies aangespreek en 'n konstruktiewe verhouding tussen die soldate en die burgerlike samelewing gehandhaaf.

5.2 Die Suiderkruisfonds as moreelbouer

Die Suiderkruisfonds het 'n prominente teenwoordigheid in die media gehandhaaf. Daar is gereeld oor die oorhandiging van Kerspakkies, die skenking van geriewe en die besoeke aan militêre basisse deur die lede van die Suiderkruisfonds berig. Hierdie mediaberigte het gereeld beklemtoon dat die Suiderkruisfonds se werk integraal is tot die moreel van die troepe. Politici soos P.W. Botha het na besoeke aan militêre basisse verslag gelewer oor die moreel van die soldate en die hoë moreel toegeskryf aan die werk van die Suiderkruisfonds. Daar is gereeld beklemtoon dat die weermag nie die hoë moreel wat benodig was vir suksesvolle oorlogvoering kon handhaaf sonder die bydrae van die Suiderkruisfonds nie.⁴⁸ In 'n berig oor die uitdeel van Kerspakkies deur die Suiderkruisfonds wat in Desember 1981 in *Paratus* verskyn het, het genl. Magnus Malan, destydse minister van verdediging, hierdie sentiment ondersteun:

Deur fondse aan lede van die Suid-Afrikaanse Weermag vir hul welvaart en ander fasiliteite beskikbaar te stel, dra die Suiderkruisfonds by tot die hoë moreel van die veiligheidsmagte – daardie onmisbare kwaliteit waarsonder ons nie in staat sal wees om die oorlog te wen nie.⁴⁹

Die siening dat die Suiderkruisfonds as moreelbouer die gewapende magte in staat gestel het om hul taak te verrig, is ook gedurig in die media beklemtoon en ondersteun.⁵⁰ Regter M.T. Steyn, die voormalige administrateur-generaal van SWA, het byvoorbeeld by geleentheid opgemerk:

'n Soldaat se paraatheid hang nie net af van sy wapens en dit wat die weermag aan hom gee nie – 'n soldaat moet geestelik ook altyd gevegsgereed wees, want dit is waarin sy krag lê. Dit beteken baie vir 'n soldaat se moreel wanneer hy in die eensaamheid van die grensgebiede 'n geskenkpakkie van die Suiderkruisfonds ontvang.⁵¹

Genl. Magnus Malan het hierdie siening verder gevoer en opgemerk dat die soldaat nie sonder die Suiderkruisfonds-artikels sy taak kon aanpak nie: “Die tasbare teenwoordigheid van jou tuisfront en die mense by die huis in die vorm van die artikels wat deur die Suiderkruisfonds voorsien word, dien as morele opkikker waarsonder die weermag nie kan klaarkom nie.”⁵²

Met betrekking tot die handhawing van 'n konstruktiewe verhouding tussen die soldate en die burgerlike samelewing het die Suiderkruisfonds die burgerlike samelewing in voeling met die gewapende magte gebring en die gewone lid van die publiek kon ook by die stryd betrokke raak deur tot die fonds by te dra. Die gevolg daarvan was 'n oortuiging onder die gewapende magte dat hulle die ondersteuning van die burgerlike samelewing het. Die ondersteuning van die publiek is beskou as die weermag se "vasberade burgerlike ruggraat".⁵³ Volgens regter Steyn was dit te danke aan hierdie ruggraat dat die troepe gemotiveerd was om hul taak te verrig.⁵⁴

Die Suiderkruisfonds se pogings om die hoë moreel van die troepe te handhaaf, is deur die organisasie as suksesvol voorgestel. Albrecht het gereeld opgemerk dat die organisasie talle dankbriewe van soldate ontvang het en voorbeelde van hierdie briewe is byvoorbeeld in die Suiderkruisfondskookboek, *Trakteer die Troepe*, vir die publiek gepubliseer. Daar word onder andere na een soldaat se brief verwys wat getuig dat die onbekende soldaat verras en bly was dat nie net sy familie belangstel nie, maar ook die volk.⁵⁵ Aanhalings is ook aangeheg. Een soldaat, A.H.J. Potgieter, het onder andere geskryf: "Ek as soldaat is tot in my murg bewus gemaak van die samehörigheid wat deur ons mense tuis opgebou is. Dit hou ons moreel hier waarlik hoog."⁵⁶

Vandag word die Suiderkruisfonds steeds deur talle oudsoldate as 'n moreelbouer beskou. Brent Stephens, 'n welsynsoffisier wat tussen 1981 en 1982 grensdiens verrig het, het 'n verslag rakende die teenwoordigheid van lae moreel onder die troepe ingedien. Na aanleiding daarvan het hy besluit om die sportgeriewe wat deur die Suiderkruisfonds geskenk is vir 'n sportdag wat elke Woensdag gehou is, te gebruik. Hy het 'n drastiese toename in moreel ná hierdie instelling opgemerk.⁵⁷ Oudsoldaat Corrie Cloete meen dat die Suiderkruisfonds se bynaam, Dankie-tannies, daarop dui dat hulle 'n positiewe bydrae tot die moreel van die soldate gelewer het. Volgens hom het die Dankie-tannies harte van goud gehad.⁵⁸

Talle oudsoldate het verklaar dat die besoeke wat die Suiderkruisfondsleder aan militêre basisse afgelê het, 'n groot bydrae tot hul moreel gelewer het. Hierdie besoeke het die soldate se aandag van grensdiens afgelei en dit was 'n welkome ontvlugting van hul daaglikse opleiding. Die positiewe bydrae tot die moreel van die troepe het nie net geskied deur ontvlugting te bied nie, maar ook deur die versekering van ondersteuning. Die soldate het met die besoeke deur burgerlikes van die Suiderkruisfonds minder geïsoleerd van die burgerlike lewe tuis gevoel.⁵⁹ Barend Nel, kapelaan by die militêre basis in Ruacana vanaf 1979 tot 1980, het dit soos volg gestel: "Ek dink dit het veral vir die troepies wat nog jonk was iets beteken om te weet dat daar moederlike figure was wat vir hulle omgee het."⁶⁰

Die geskenkpakkies van die Suiderkruisfonds het alle soldate – insluitende die soldate wat nie altyd die geriewe by die basisse kon geniet nie, soos dié op grenspatrollie – se moreel positief beïnvloed. Dit het veral die soldate wat die verste van Suid-Afrika gestasioneer was, laat voel dat hulle nie vergete was nie. Talle het die geskenke geniet en die inhoud gebruik. Die spesifieke artikels in die geskenkpakkies het op spesifieke wyses die lewe van die soldate meer draaglik gemaak. Soldate het byvoorbeeld die kougom baie waardeur, omdat dit gehelp het om die smaak van malariapille te verbeter. Die vloei van briewe het, te danke aan die Suiderkruisfondsskryfblok en koeverte, tot die troepe se moreel bygedra en postyd was vir talle die hoogtepunt van die week.⁶¹

Soos genoem, het talle oudsoldate die artikels van die Suiderkruisfonds-geskenkpakkies gehou nadat hulle hul grensdiens voltooi het. Buiten die praktiese aard van artikels soos die Suiderkruisfonds-mes het soldate hierdie items vir sentimentele waarde gehou. Die rede daarvoor is die verbintenis wat die pakkie tussen die soldate en die burgerlike samelewing geskep het en vir talle was dit 'n welkome verbintenis met hul aankoms in 'n vreemde gebied.⁶²

Op 'n klein maar belangrike wyse het die Suiderkruisfonds gevolglik 'n besliste positiewe bydrae tot die moreel van die Suid-Afrikaanse troepe gelewer.

6. Die ontbinding van die Suiderkruisfonds

Met die onttrekking van die Suid-Afrikaanse magte uit Angola en SWA in 1988 en die onafhanklikwording van laasgenoemde op 21 Maart 1990 het dit geblyk dat verdere dienste daar deur die Suiderkruisfonds onnodig was. Ten spyte van die afname in militêre aktiwiteite op die landsgrense is troepe egter toenemend in die swart townships buite die stede in Suid-Afrika ontplooi om die onluste te beheer. Teen 1990 het die Suiderkruisfonds se rol derhalwe verander. Ten spyte van die veranderende rol kon die organisasie steeds voortgaan om ondersteuning aan die Suid-Afrikaanse magte te bied.⁶³ 'n Berig in *Tempo* wat die publiek aangemoedig het om steeds die Suiderkruisfonds te ondersteun, het selfs berig: "Die huidige politieke bedeling met sy gevolglike verkwisting van menselewens en eiendom het veroorsaak dat die Suiderkruisfonds weer eens belangrik geword het."⁶⁴

In die vroeë 1990's is die publiek dus steeds aangemoedig om hul ondersteuning aan die Suiderkruisfonds te bied. Die veranderende binnelandse situasie het toenemende druk op die Suid-Afrikaanse magte geplaas en die Suiderkruisfonds het in die behoeftes van die troepe binnelands voorsien. Maar die vroeë 1990's was 'n tydperk van voortdurende veranderinge en die Suiderkruisfonds was self onderhewig aan hierdie veranderinge. Tussen 1988 en 1995 het die hoofbestuur van die organisasie gereeld met die direkteur van fondsinsamelings en die SAW Fonds vergader in verband met die toekoms van die samewerking tussen die twee instansies en die voortbestaan van die Suiderkruisfonds.⁶⁵

Teen 1995 het beide die weermag en die Suiderkruisfonds egter besluit dat die politieke situasie nie meer die bestaan van die fonds vereis nie en dat die organisasie moet ontbind. Tydens die nasionale kongres van 1995, wat die Mylpaal-kongres gedoop is, is daar met 'n volstreekte meerderheid besluit dat die Suiderkruisfonds die doel bereik het waarvoor die organisasie gestig was en dat die verdere voortbestaan daarvan onnodig is. Volgens 'n anonieme bron was die besluit om te ontbind eerder polities gedrewe. Volgens dié bron het die nuwe Suid-Afrikaanse Nasionale Weermag die Suiderkruisfonds aangemoedig om te ontbind omdat die organisasie, as gevolg van sy hegte verhouding met die ou Suid-Afrikaanse Weermag, as 'n moontlike vyand deur die nuwe politieke bedeling gesien kon word. Daar is egter geen bewys vir hierdie bewering nie en dit kon nie aan ander bronne getoets word nie.⁶⁶

Ongeag die rede agter die ontbinding van die organisasie, het die Suiderkruisfonds steeds die gewone prosedures met die ontbinding van 'n geregistreerde welsynsorganisasie gevolg. Die nasionale en vise-president van die organisasie, kol. Pieter van der Walt en ds. Kobus Venter onderskeidelik, het die voorstel van moontlike ontbinding aan die hoofbeskermheer, voormalige staatspresident F.W. de Klerk, voorgelê. De Klerk het die voorstel aanvaar en die besluit oor wanneer die organisasie sou ontbind, is aan die hoofbestuur van die organisasie oorgelaat. Voor die ontbindingsproses begin is, is die laaste fondse wat deur die organisasie ingesamel is, aan verskeie militêre basisse, onder andere Ysterplaat, Saldanha en Pretoria, uitgedeel. Die ontbindingsprosedure van die Suiderkruisfonds is in Oktober 1995 begin.⁶⁷

Die ontbinding van die Suiderkruisfonds het volgens die bepalinge van die Wet op Fondsinsameling, Wet 107 van 1978, geskied. Volgens dié wet moes die organisasie 'n aansoek om vrywillige ontbinding by die direkteur van fondsinsamelings indien. Op 19 Januarie 1996 het die direkteur die aansoek om vrywillige ontbinding van die Suiderkruisfonds goedgekeur. Na die oorbetalings van die laaste fondse is 'n finale eksterne ouditverslag op 28 Februarie 1996 aan die direkteur oorhandig, tesame met alle tersaaklike dokumente. Na 28 jaar is die Suiderkruisfonds ontbind verklaar.⁶⁸

7. Gevolgtrekking

Conway (2012:83) voer aan dat die Suiderkruisfonds, wat hy as 'n vroue-organisasie geklassifiseer het, voldoen het aan die verwagtinge van vroue tydens die Grensoorlog – om in 'n ondersteunende rol op te tree. Volgens Conway het die Suiderkruisfonds daarin geslaag om ander vroue ook aan te moedig om as surrogaatmoeders vir die troepe op te tree. Hy voer aan dat die Suid-Afrikaanse vroue nie net gemobiliseer het nie, maar ook ander aangemoedig om dieselfde te doen. Die Suiderkruisfonds het egter nie net gemobiliseer nie, maar ook veranderinge meegebring. Die ondersteuning was gevolglik nie passief nie, maar aktief.

Deur hul aktiwiteite het die Suiderkruisfonds die impak van diensplig op die wit Suid-Afrikaanse samelewing versag, 'n eenheidsgevoel binne daardie samelewing geskep en die gewone lid van die publiek die geleentheid gebied om ook aktief aan die oorlogspoging deel te neem. Vir die soldate het die Suiderkruisfonds 'n konstruktiewe verhouding met die burgerlike samelewing geskep wat, met die geskenkpakkies, geriewe en ander skenkings van die Suiderkruisfonds, bygedra het tot 'n hoër moreel – 'n bydrae wat tot vandag toe deur oudsoldate onthou word. Gevolglik het die Suiderkruisfonds bygedra tot die militarisering van die wit burgerlike Suid-Afrikaanse samelewing deur 'n hegte verhouding tussen die weermag en burgerlike samelewing te skep. Die gevolg van hierdie verhouding was die aanmoediging van lede van die burgerlike samelewing om aan die oorlogspoging deel te neem. So het die Suiderkruisfonds die mobilisering van die burgerlike samelewing tot sy ontbinding onderhou.

Die Suiderkruisfonds is tydens sy bestaan as 'n simbool van nasionale samewerking voorgehou. Die werk van die organisasie en die bydrae wat dit gelewer het, moet nie beskou word as onderhewig aan die debat rakende die regverdiging van die Grensoorlog nie. Soos genoem, kan die regverdiging van die voorgehoue totale aanslag en die konflik teen hierdie aanslag nie objektief gemeet word nie. Die Suiderkruisfonds, as 'n apolitiese organisasie, het nie gedien om die konflik te regverdig nie, maar het wel indirek bygedra tot die burgerlike samelewing se deelname daaraan. Daarom moet die Suiderkruisfonds bestudeer word binne die konteks van die mobilisering van die samelewing ten tye van oorlog en as 'n produk van sy omstandighede.

In 2001 is Suid-Afrikaanse magte in die Demokratiese Republiek van Kongo (DRK) ontplooi as deel van die Verenigde Nasies se vredesmag. 'n Vrywillige ondersteuningsnetwerk het in Pretoria tot stand gekom wat ondersteuning aan die soldate en hul families gebied het. Die organisasie is deur sowel burgerlikes as oudsoldate van die voormalige SAW gestig. Die doel van die organisasie was om morele ondersteuning aan die soldate en hul families te bied. Die eerste taak van die organisasie was om pakkies eetgoed vir die soldate na die DRK te stuur. In samewerking met die weermag is hierdie pakkies, tesame met pos van die huis, elke twee weke per vliegtuig na die DRK gestuur. Sakeondernemings, gemeenskapsorganisasies en ander vrywilligers het die eetgoed geskenk. Die organisasie het gepoog om sy taak vir die volle twee jaar van ontplooiing vol te hou.⁶⁹ In die beriggewing oor die organisasie is na die Suiderkruisfonds verwys en eersgenoemde is voorgehou as 'n herlewing van die Dankietannies tydens die Grensoorlog. Drie-en-veertig jaar na die stigting van die Suiderkruisfonds het die mobiliseringsproses homself binne die tradisie van die ondersteuning van Suid-Afrikaanse troepe deur die Suid-Afrikaanse publiek herhaal.

Bibliografie

Boeke, artikels en ander bronne

- Anderson, B. 2006. *Imagined communities*. Londen: Verso.
- Baines, G. 2008. Introduction: Challenging the boundaries, breaking the silences. In Baines en Vale (reds.) 2008.
- Baines, G. en P. Vale (reds.). 2008. *Beyond the Border War: New perspectives on Southern Africa's late-cold war conflicts*. Pretoria: Unisa Press.
- Baker, H.J. 1930. The maintenance of morale. *International Journal of Ethics*, 40(4):542–9.
- Blake, C. 2009. *Troepie: van Blougat tot Bosoupa*. Kaapstad: Zebra Press.
- Callister, G. 2004. Compliance, compulsion and contest: Aspects of military conscription in South Africa, 1952–1992. Ongepubliseerde MA-verhandeling, Universiteit Stellenbosch.
- Cherry, J. 2011. *Umkhonto weSizwe*. Auckland Park: Jacana Media.
- CIIR (Catholic Institute for International Relations). 1989. *Out of step: War resistance in South Africa*. Londen: Catholic Institute for International Relations.
- Cock, J. 1989a. Introduction. In Cock en Nathan (reds.) 1989.
- . 1989b. Manpower and militarisation: women and the SADF. In Cock en Nathan (reds.) 1989.
- . 1991. *Colonels and cadres: War and gender in South Africa*. Kaapstad: Oxford University Press.
- Cock, J. en L. Nathan (reds.). 1989. *War and society: The militarisation of South Africa*. Claremont: David Philip.
- Conway, D. 1989. "Somewhere on the border – of credibility": The cultural construction and contestation of "the Border" in white South African society. In Cock en Nathan (reds.) 1989.
- . 2012. *Masculinities, militarisation and the End Conscription Campaign*. Johannesburg: Wits University Press.
- Correia, P. en G. Verhoef. 2009. Portugal and South Africa: Close allies or unwilling partners in Southern Africa during the Cold War? *Scientia Militaria*, 37(1):50–72.
- Craig, D. 2008. "Total justification": Ideological manipulation and South Africa's Border War. In Baines en Vale (reds.) 2008.
- Du Plessis, J.H. 1988. Marxisme en skoolkadette in Suid-Afrikaanse konteks: 'n studie in die fundamentele opvoedkunde. Ongepubliseerde MA-verhandeling, Universiteit Stellenbosch.
- Du Plessis, W.C. 1969. South Africa in the World: Lectures delivered at the annual general meeting of the Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns in July 1969 in Pretoria on the subject of South Africa in the world. Pretoria: Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns.
- Eide, A. en M. Thee (reds.). 1980. *Problems of contemporary militarism*. Londen: Croom Helm Ltd.
- Evens, G. 1989. Classrooms of war: The militarisation of white South African schooling. In Cock en Nathan (reds.) 1989.

- Fennell, J. 2011. *Combat and morale in the North African Campaign: The Eighth Army and the path to El Alamein*. Cambridge: Cambridge University Press.
- Fourie, S.M. 2002. Die impak van militêre aktiwiteite op die Vaaldriehoekse samelewing in die tydperk 1974–1994. Ongepubliseerde DPhil-proefskrif, Noordwes-Universiteit.
- Frankel, P.H. 1984. *Pretoria's Praetorians: Civil military relations in South Africa*. Cambridge: University Press.
- Gal, R. en A. Mangelsdorff. 1991. *Handbook of military psychology*. West Sussex: Wiley Publishers.
- Gartner, S.S. en G.M. Segura. 1998. War, casualties, and public opinion. *The Journal of Conflict Resolution*, 42(3):278–300.
- Grest, J. 1989. The South African defence force in Angola. In Cock en Nathan (reds.) 1989.
- Grundy, K.W. 1986. *The militarization of South African politics*. Oxford: Oxford University Press.
- . s.j. *The rise of the South African security establishment*. Witwatersrand: The South African Institute of International Affairs.
- Heitman, H.-R. 1990. *War in Angola: The final South African phase*. Gibraltar: Ashanti.
- Holt, C. 2004. *At thy call: We did not falter*. Kaapstad: Zebra Press.
- Jaster, R.S. 1988. *The defence of white power: South African foreign policy under pressure*. Londen: Macmillan Press.
- Landis, J.M. 1941. Morale and civilian defence. *American Journal of Sociology*, 47(3):331–9.
- McMillen, W. 1943. The war relief agencies. *Social Service Review*, 17(3):303–19.
- Moolman, H.M. 1943. Jan Christiaan Smuts and the Union of South Africa. *The American Scholar*, 12(4):391–400.
- Murray, D.J. en P.R. Viotti. 1989. *The defence policies of nations: A comparative study*. Baltimore: Johns Hopkins University Press.
- Nathan, L. 1989. "Marching to a different beat": The history of the End Conscription Campaign. In Cock en Nathan (reds.) 1989.
- Olivier, G.C. 1973. Die grondslae van Suid-Afrika se buitelandse beleid. Ongepubliseerde DPhil-proefskrif, Universiteit van Pretoria.
- Orpen, N.D. 1971. *War in the desert*. Kaapstad. Purnell and Sons.
- Ramsden, T. 2009. *Border-line insanity: A national serviceman's story*. Alberton: Galago Publishing.
- Regan, P.M. 1994. *Organizing societies for war: The process and consequences of societal militarization*. Westport: Praeger Publishers.
- Satchwell, K. 1989. The power to defend: An analysis of various aspects of the Defence Act. In Cock en Nathan (reds.) 1989.
- Scholtz, L. 1998. The media and the military: Allies or adversaries? *Scientia Militaria*, 28(2):236–51.
- . 2013. *Die SAW in die Grensoorlog: 1966–1989*. Kaapstad: Tafelberg.

Seegers, A. 1984. Dimensions of militarisation: Separate development, state structures and the rise of the military in South Africa. Ongepubliseerde referaat gelewer tydens die konferensie Economic Development and Racial Domination, Universiteit van Wes-Kaapland.

Segal, D.R. en M.W. Segal. 1983. Change in military organisation. *Annual Review of Sociology*, 9:151–70.

Steenkamp, W. 1976. *Adeus Angola*. Kaapstad: Citadel Press.

—. 1990. *Suid-Afrika se Grensoorlog*. Rivonia: Ashanti.

Thomas, J.O. 1945. American Red Cross services to the armed forces. *Phylon*, 6(3):273–6.

Thompson, J.H. 2007. *Dit was oorlog: Van afkak tot bosbefok*. Kaapstad: Zebra Press.

Ulio, J.A. 1941. Military morale. *American Journal of Sociology*, 47(3):321–30.

Van der Waag, I.J. 1991. A history of the South African Defence Force Institute. *Scientia Militaria*, 21(4):27–43.

Van Heerden, A. 2014. Die Suiderkruisfonds en die mobilisering van die Suid-Afrikaanse blanke burgerlike samelewing tydens die Grensoorlog, 1968-1989. Ongepubliseerde MA-verhandeling, Universiteit Stellenbosch.

Weaver, T. 1989. The South African defence force in Namibia. In Cock en Nathan (reds.) 1989.

Williams, D. 2012. *Springboks, troepies and cadres: Stories of the South African army, 1912–2012*. Kaapstad: Tafelberg.

Wolf, A.W.M. 1942. The homefront in wartime. *Journal of Educational Sociology*, 16(4):202–18.

Periodieke publikasies

Beeld, 1979–2001.

Die Burger, 1975–2001.

Die Oosterlig, 1978–1990.

Die Republikein, 1984.

Die Transvaler, 1978–1981.

Die Vaderland, 1978–1984.

Die Volksblad, 1978–1987.

Eastern Province Herald, 1981–1984.

Hoofstad, 1978.

Kommando, 1965.

Oggendblad, 1981.

Paratus, 1972–1982.

Rand Daily Mail, 1981.

Suid-Afrikaanse Oorsig, 1979.

Tempo, 1983–1990.

The Argus, 1979.

The Citizen, 1978–1984.

The Friend, 1978.

The Natal Witness, 1984.

The Star, 1979.

Argivale bronne en historiese manuskripte

1. J.S. Gericke Biblioteek, Universiteit Stellenbosch: Africana Afdeling

Kleynhans, W. 1987. Suid-Afrikaanse Algemene Verkiesingsmanifeste, 1910–1981. Pretoria: Unisa.

2. Suid-Afrikaanse Nasionale Biblioteek, Kaapstad

Suiderkruisfonds. 1983. *Trakteer die Troepe*. Roodepoort: CUM-boeke.

3. Suid-Afrikaanse Nasionale Weermag (SANW) Dokumentasie Sentrum, Pretoria

Hoofkwartier: BGGGM

Houer: 106

Leêr: 302/6/1

Beskrywing: Operasie oorlogsdagboek

- The Counter Insurgency Campaign in Southern Angola (Lt.genl. C.A. Fraser), Junie 1969.
- Verslag oor die besoek aan basis deur Mev Hansen, November 1969.
- Verslag oor toestand van basis, November 1969.

Hoofkwartier: Chief of the SADF

Houer: 6A

Leêr: 507/2/1

Beskrywing: _Geen

- Funksionering van die Suiderkruisfonds, Junie 1982.

Hoofkwartier: Hoof van die SAW (HSAW)

van Verdediging (MVV)

Houer: MVV 285

Leêr: MV/B/62/10

Beskrywing: Vryetydsbesteding

- Hulpverlening met sport en oriëntasiedienste, Junie 1979.
- Memorandum: Besoek van weermagpersoneel aan basisse, April 1973.

Private versameling

Dr. C. Albrecht

- SAUK-opname, onderhoud met E. Albrecht, 20 Maart 1986.
- SAUK-opname, *Nuus om Nege*, onderhoud met E. Albrecht, 14 Junie 1972.
- SAUK-opname, *Vroue van Formaat*, onderhoud met E. Albrecht, s.d.

Statutêre bronne

Wet 44 van 1957, Verdedigingswet, beskikbaar by:

<http://www.dod.mil.za/documents/documents.htm>.

Facebook

Vraelys aan oudsoldate geplaas op die Facebook-groep, "Grensoorlog/Border War 1966–1989", se blad, Mei tot Junie 2013. Toegang tot die veteranegroep se blad beskikbaar by <http://www.facebook.com/Grensoorlog/Border War 1966–1989>.

Fotografiese bronne

Elizabeth Albrecht, beskikbaar by:

Privaat versameling van dr. C. Albrecht.

Suiderkruisfonds-leersakkies, beskikbaar by:

http://www.bidorbuy.co.za/item/39143625/SUIDERKRUIFONDS_SOUT_HERN_CROSS_FUND_SATCHELS_BORDER_WAR.html.

Suiderkruisfonds-mes, beskikbaar by:

http://www.bidorbuy.co.za/item/28418542/Die_Suiderkruisfonds_The_Southern_Cross_Fund_pocket_knife_1980_s.html.

Suiderkruisfonds-spieëltjie, beskikbaar by:

Privaat versameling van Dr. A. Ehlers.

Onderhoude

Anonieme bron, 23 Mei 2013, telefoniese onderhoud.

Ds. Jan Venter, voormalige nasionale visepresident en provinsiale voorsitter (Noord-Kaap) van die Suiderkruisfonds, 4 Junie, telefoniese onderhoud.

Lt.genl. Raymond F. Holtzhausen, voormalige voorsitter van die Suid-Afrikaanse Weermagfonds, 8 Maart 2013, e-pos-onderhoud.

Kol. Pieter van der Walt, voormalige nasionale president van die Suiderkruisfonds, 9 Januarie 2013, 8 Februarie 2013, 1 Maart 2013.

Eindnotas

- 1) Die mobilisering van die samelewing is nie net 'n begeerde resultaat van oorlog nie, maar ook 'n verwagte resultaat en word regverdig deur die verkryging van die publiek se ondersteuning vir die staat en sy nasionale weermag. "Mobilisering van die samelewing" word beskryf as die organisering en deelname van die publiek aan die produksie en voorbereiding van oorlogsbehoefes. (Sien Regan 1994:6, 28, 60.)
- 2) J.S. Gericke Biblioteek – Kleynhans (1987:390).
- 3) Suid-Afrikaanse Nasionale Weermag (hierna SANW) Dokumentasie Sentrum, Bevelvoerende Generaal Gesamentlike Gevegsmagte (BGGGM), 106, 302/6/1, Operasie Oorlogsdagboeke, "The Counter Insurgency Campaign in Southern Angola" – Lt.genl. C.A. Fraser, 10 Junie 1969.
- 4) *Eastern Province Herald*, 2 Junie 1981 (War tank: John Inggs tells how the Whippet came to Uitenhage), bl. 17.
- 5) Sien ook *The Friend*, 16 Augustus 1978 (Army gift parcels critic criticised), bl. 8.
- 6) *Die Vaderland*, 23 Junie 1978 (Suiderkruisfonds kan groter rol speel), bl. 9.
- 7) Verdedigingswet, Wet 44 van 1957, <http://www.dod.mil.za/documents/documents.htm> (1 Mei 2013 geraadpleeg).
- 8) Sien ook *Kommando*, Januarie 1965, 16(1) (Boete vir nalating van registrasie), bl. 48.
- 9) E-pos-onderhoud gevoer met lt.genl. R.F. Holtzhausen, 8 Maart 2013.
- 10) *Paratus*, Februarie 1972, 24(2) (Die SAW Brandwagfonds), bl. 24.
- 11) *The Argus*, 22 Februarie 1979 (Defence fund to be disbanded), bl. 6; *Paratus*, Julie 1982, 33(7) (SAW Fonds hou eie Fondsinsameling), bl. 79; *Paratus*, Desember 1977, 28(12) (Die SAWF), bl. 20; SANW Dokumentasie Sentrum, Minister of Defence, MVV 285, MV/B/62/10, Vryetydsbesteding, Hulpverlening met sport en oriëntasiedienste, Junie 1979.
- 12) E-pos-onderhoud gevoer met kol. Pieter van der Walt, 8 Februarie 2013.
- 13) E-pos-onderhoud gevoer met kol. Pieter van der Walt, 9 Januarie 2013.
- 14) *Suid-Afrikaanse Oorsig*, 23 Februarie 1979 (Ada Nelson: Peetma van SA soldate), bl. 11; Onderhoud gevoer met E. Albrecht, *Vroue van Formaat*, SAUK-opname, s.j. Die Maria van Riebeeck-klub, gestig deur Martie van den Heever, bestaan al 70 jaar en dien as vergaderplek vir Afrikaanssprekende vroue wat die Afrikaanse taal en kultuur bevorder.
- 15) E-pos-onderhoude gevoer met kol. Pieter van der Walt, 9 Januarie 2013 en 8 Februarie 2013.
- 16) E-pos-onderhoude gevoer met kol. Pieter van der Walt, 9 Januarie 2013 en 8 Februarie 2013.
- 17) E-pos-onderhoud gevoer met kol. Pieter van der Walt, 9 Januarie 2013; Onderhoud gevoer met E. Albrecht, *Nuus om Nege*, SAUK-opname, 14 Junie 1972.
- 18) Privaatversameling van dr. C. Albrecht.
- 19) Verdedigingswet, Wet 44 van 1957, <http://www.dod.mil.za/documents/documents.htm> (1 Mei 2013 geraadpleeg).

- 20) SANW Dokumentasie Sentrum, BGGGM, 106, 302/6/1, Operasie Oorlogsdagboeke, Verslag oor die besoek aan basis deur mev. Hansen, November 1969.
- 21) E-pos-onderhoud gevoer met kol. Pieter van der Walt, 9 Januarie 2013.
- 22) E-pos-onderhoud gevoer met kol. Pieter van der Walt, 9 Januarie 2013.
- 23) Suiderkruisfonds, *Trakteer die Troepe*, bl. 227; *Die Volksblad*, 3 Februarie 1979 (Sy woeker vir ons land), bl. 11.
- 24) Suiderkruisfonds, *Trakteer die Troepe*, bl. 227; E-pos-onderhoud gevoer met kol. Pieter van der Walt, 9 Januarie 2013.
- 25) E-pos-onderhoud gevoer met kol. Pieter van der Walt, 9 Januarie 2013; *Die Burger*, 22 Maart 2001 (Elizabeth Albrecht op Melkbos oorlede), bl. 3.
- 26) Suiderkruisfonds, *Trakteer die Troepe*, ble. 227–8; E-pos-onderhoud gevoer met kol. Pieter van der Walt, 9 Januarie 2013.
- 27) E-pos-onderhoud gevoer met kol. Pieter van der Walt, 9 Januarie 2013; SANW Dokumentasie Sentrum, Chief of the SADF, 6A, 507/2/1, Funksionering van die Suiderkruisfonds, Junie 1982.
- 28) *Kommando*, Maart 1965, 16(3) (Total Commitment), bl. 27.
- 29) E-pos-onderhoud gevoer met kol. Pieter van der Walt, 8 Maart 2013.
- 30) *Die Burger*, 17 November 1975, (SA skiet 10 terroriste na soldaat se dood), bl. 1.
- 31) *Die Vaderland*, 23 Junie 1978 (Suiderkruisfonds kan groter rol speel), bl. 9.
- 32) *Die Volksblad*, 7 November 1979 (G'n rede tot kommer oor soldate), bl. 7.
- 33) *The Citizen*, 3 Desember 1983 (Marilyn Cohen: Mayoress lauds SADF men on border), bl. 11.
- 34) *The Natal Witness*, 31 Januarie 1984 (Home fires), bl. 6.
- 35) *The Citizen*, 11 Augustus 1984 (Transvaal tops Southern Cross' contributions), bl. 4.
- 36) Sien bv. *Die Volksblad*, 13 Augustus 1987 (SA verdediging moeite werd, sê PW), bl. 4 en *Die Volksblad*, 29 September 1978 (S.A. is aan die wenkant teen terreur in S.W.A.), bl. 3 en *Beeld*, 15 Augustus 1981 (Elk paraat, roep SA leiers op), bl. 1.
- 37) *The Natal Witness*, 31 Januarie 1984 (Home fires), bl. 6; *Rand Daily Mail*, 21 Oktober 1981 (Don Marshall: SA has few real friends – Malan), bl. 3; *The Citizen*, 11 Augustus 1984 (Transvaal tops Southern Cross' contributions), bl. 4.
- 38) Daar word na hierdie gemeenskappe verwys as “verbeelde gemeenskappe” – gemeenskappe wat saamgesnoer word deur dieselfde gesindheid oor sake soos nasionalisme, oorlog en godsdiens. Die Ry-veilig Projek het individue regoor Suid-Afrika met dieselfde gesindheid oor die burgerlike samelewing se rol in die Grensoorlog saamgebind. Sien byvoorbeeld Anderson (2006).
- 39) *Die Oosterlig*, 19 September 1984 (Dit is 'n eer om die troepe te dien), bl. 5; *Die Republikein*, 30 Januarie 1984 (Aanslag kom uit Moskou), bl. 5; G.C. Olivier, *Die Grondslae van Suid-Afrika se buitelandse beleid*, bl. 35; *Die Transvaler*, 30 Augustus 1978 (Gus Cluver: Fronte gaan nóg hoër eise stel), bl. 5; *The Citizen*, 1 Junie 1978 (Bernice Margolis: Look at it as a life policy – Lucy), bl. 26.

- 40) *The Friend*, 25 Julie 1978 (Fund is morale booster), bl. 3; *Die Volksblad*, 24 Oktober 1978 (Die Suiderkruisfonds), bl. 12; *Hoofstad*, 4 November 1978 (Fonds het soldaat se behoeftes gesien), bl. 1; *Oggendblad*, 21 Oktober 1981 (SA kan nie op Weste vertrou), bl. 1.
- 41) Sien ook *Die Transvaler*, 21 Oktober 1981 (Sabotasie in SA neem 200 p.s. toe), bl. 1.
- 42) *The Star*, 12 Maart 1979 (Arms not enough – Treurnicht), bl. 7; *Suid-Afrikaanse Oorsig*, 23 Februarie 1979 (Ada Nelson: Peetma van SA soldate), bl. 11.
- 43) SANW Dokumentasie Sentrum, BGGGM, 106, 302/6/1, Operasie Oorlogsdagboeke, 1969 en Verslag oor die toestand van basis, November 1969; Onderhoud gevoer met E. Albrecht, SAUK-opname, 20 Maart 1986.
- 44) E-pos-onderhoud gevoer met kol. Pieter van der Walt, 9 Januarie 2013.
- 45) *Die Oosterlig*, 19 September 1984 (“Dit is ’n eer om die troepe te dien”), bl. 5.
- 46) *Beeld*, 4 Oktober 1979 (Suiderkruisfonds geprys vir sy diens: Staan saam vir die land, sê Premier), bl. 8; SANW Dokumentasie Sentrum, Minister van Verdediging, MVV 285, MV/B/62/10, Vryetydsbesteding, Memorandum: besoek van Weermagspersoneel aan basisse, April 1973.
- 47) Vir ’n breedvoerige bespreking van Suid-Afrikaanse troepe se moreel tydens die Tweede Wêreldoorlog in Noord-Afrika, sien Orpen (1971).
- 48) *Die Vaderland*, 3 Mei 1978 (Willem Knoetze: Werkgewers staan tou vir dienspligtiges), bl. 3; *Die Oosterlig*, 16 Augustus 1978 (Werk in belang van S.A.), bl. 8.
- 49) *Paratus*, Desember 1981, 32(12) (Ons sal meer van onself moet gee!), bl. 25.
- 50) Sien bv. *Die Volksblad*, 5 Oktober 1984 (Swapo, ANC se vete teen SA taan nie), bl. 2; *Die Vaderland*, 8 Oktober 1984 (Swapo en ANC veg steeds), bl. 5 en *Die Volksblad*, 29 September 1978 (S.A. is aan die wenkant teen terreur in S.W.A.), bl. 3.
- 51) *Die Oosterlig*, 19 September 1984 (Suiderkruis plaas demper op oorlog), bl. 5.
- 52) *Hoofstad*, 4 November 1978 (Fonds het soldaat se behoeftes gesien), bl. 1.
- 53) *Die Burger*, 24 September 1984 (SAW gewikkel in stryd om oorlewing), bl. 3; *Die Volksblad*, 24 Oktober 1978 (Die Suiderkruisfonds), bl. 12; *Tempo*, 9 September 1983 (Suiderkruisfonds behaal doelwitte), bl. 5; *Die Vaderland*, 21 Augustus 1978 (Kittie Vermaak: R5 miljoen is Suiderkruis se blink ster), bl. 12.
- 54) *Eastern Province Herald*, 19 September 1984 (Johann Nel: Defence Force success hailed by Judge Steyn), bl. 3.
- 55) Suiderkruisfonds, *Trakteer die Troepe*, bl. 226.
- 56) Suiderkruisfonds, *Trakteer die Troepe*, bl. 226.
- 57) Verwerking van kommentaar op vraelys aan oudsoldate, <http://www.facebook.com/Grensoorlog/Border War 1966–1989> (7 Junie 2013 geraadpleeg).
- 58) Verwerking van kommentaar op vraelys aan oudsoldate, <http://www.facebook.com/Grensoorlog/Border War 1966–1989> (7 Junie 2013 geraadpleeg).
- 59) Verwerking van kommentaar op vraelys aan oudsoldate, <http://www.facebook.com/Grensoorlog/Border War 1966–1989> (23 Mei 2013 geraadpleeg).

- 60) Verwerking van kommentaar op vraelys aan oudsoldate, [http://www.facebook.com/Grensoorlog/Border War 1966–1989](http://www.facebook.com/Grensoorlog/Border%20War%201966-1989) (23 Mei 2013 geraadpleeg).
- 61) Verwerking van kommentaar op vraelys aan oudsoldate, [http://www.facebook.com/Grensoorlog/Border War 1966–1989](http://www.facebook.com/Grensoorlog/Border%20War%201966-1989) (23 Mei 2013 en 7 Junie 2013 geraadpleeg).
- 62) Verwerking van kommentaar op vraelys aan oudsoldate, [http://www.facebook.com/Grensoorlog/Border War 1966–1989](http://www.facebook.com/Grensoorlog/Border%20War%201966-1989) (23 Mei 2013 en 7 Junie 2013 geraadpleeg).
- 63) *Die Oosterlig*, 23 September 1990 (Suiderkruisfonds se rol het verander), bl. 3.
- 64) *Tempo*, 27 September 1990 (Suiderkruis het hulp nodig), bl. 3.
- 65) E-pos-onderhoud gevoer met kol. Pieter van der Walt, 9 Januarie 2013.
- 66) E-pos-onderhoud gevoer met kol. Pieter van der Walt, 9 Januarie 2013; Onderhoud gevoer met 'n anonieme bron, 23 Mei 2013.
- 67) E-pos-onderhoud gevoer met kol. Pieter van der Walt, 9 Januarie 2013; Onderhoud gevoer met ds. Jan Venter, 4 Junie 2013.
- 68) E-pos-onderhoud gevoer met kol. Pieter van der Walt, 9 Januarie 2013.
- 69) *Beeld*, 4 Junie 2001 (“Dankie-tannies” herleef), bl. 5.